Prof. Dr. S. P. ENGELBRECHT

Dr. G. D. Scholtz se Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk

VERKRYGBAAR BY DIE KANTOOR VAN DIE
NED. HERVORMDE KERK VAN AFRIKA,
GENERAAL PRETORIUS GEBOU,
PAUL KRUGERSTRAAT,
PRETORIA.

VOORWOORD

Baie graag wil ek 'n voorwoord en 'n aanbeveling by hierdie Artikel van prof. Engelbrecht skryf. Hy is iemand wat met gesag oor ons kerkgeskiedenis kan praat. Niemand in ons land beskik oor so 'n groot en uitgebreide versameling van gegewens oor die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis soos hy nie. Niemand ken ook die gegewens beter as hy nie. Hy het sy hele lewe aan die studie van ons kerkgeskiedenis gewy. Almal wat hom ken, weet ook dat hy al die eienskappe van 'n versamelaar en navorser besit. Hy beskik oor 'n verbasende werkkrag, word deur liefde en ywer vir sy vak verteer en het nooit enige moeite of koste ontsien om die nodige stukke in verband met die kerkgeskiedenis in hande te kry nie. Dit alleen is 'n waarborg dat enige werk wat deur hom uitgegee word, wetenskaplik verantwoord is. Die Artikel wat ons hiermee baie sterk wil aanbeveel, dank sy ontstaan aan 'n boek oor die geskiedenis van die Ned. Herv. of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geskryf deur dr. G. D. Scholtz. Die boek van dr. Scholtz dien homself aan as wetenskaplike werk oor die kerkgeskiedenis maar tog wemel dit van foute. As mens die boek lees kan jy nie help om te voel dat dr. Scholtz niks van die Nederduitsch Hervormde Kerk hou nie en indien moontlik nog minder van wyle ds. D. v.d. Hoff en ons ou predikante, of, om dit juister te sê, mens kry die indruk dat hy die Nederduitsch Hervormde Kerk en ook die persoon van ds. D. v. d. Hoff amper haat. Daarteenoor het hy sy Kerk baie lief, en hiervoor wil ons hom krediet gee. Maar sy groot voorliefde vir die Ned. Herv. of Geref. Kerk en sy afkeer en vooroordele teen die Ned. Herv. Kerk en teen ds. v.d. Hoff en die ou predikante het hom parte gespeel. Dit kom my voor dat dit daaraan te wyte is dat daar soveel verkeerde voorstellings en skewe konklusies in sy boek voorkom. Dit hinder dr. Scholtz skynbaar baie dat die Engelse Goewerneurs in die ou dae 'n seggenskap in die sake van die Ned. Geref. Kerk gehad het en dat die Goewerneurs meermale van die predikante gebruik gemaak het om die Afrikaanse bevolking te verengels. Dit sal onthou word dat sir Harry Smith selfs genl. Andries Pretorius gedreig het dat hy die geestelike swaard sal gebruik om die Voortrekkers weer onder Engelse bewind te kry. Dit sal ook onthou word dat dit een van die groot redes was waarom die Voortrekkers konstant geweier het om onder die Kaapse Sinode ingelyf te word. Hulle was bang vir die seggenskap wat die Engelse Goewerneurs in in die kerksake van die Kaapse Kolonie gehad het. Dr. Scholtz ontken in sy boek dat so 'n seggenskap bestaan het en dat so 'n dreigement deur sir Harry Smith gemaak is. Net so hinderlik is dit skynbaar vir hom dat die

Ned. Geref. Kerk vyandig teenoor die Groot Trek gestaan het en dat die Kerk die Trek veroordeel het en nie wou help dat van die predikante die Voortrekkers geestelik sou bystaan nie. Dr. Scholtz ontken dit en voer aan dat die rede, dat geen predikant 'n beroep na die Voortrekkers wou aanneem nie, gesoek moet word in die feit dat die Kerk soveel vakante gemeentes gehad het. Die bewyse vir hierdie ontkennings? Ja gaan vra die maar vir dr. Scholtz. Die Artikel van Prof. Engelbrecht sal meer lig op die saak werp. En van die weiering van die Voortrekkers om by die Kaapse Sinode ingelyf te word, gepraat, dit is kostelik om te sien hoe dr. Scholtz die skuld hiervoor op ds. v.d. Hoff pak. Die Voortrekkers sou dan volgens hom begerig gewees het om by die Kaapse Sinode ingelyf te word, maar ds. v.d. Hoff het hulle omgepraat. Ongelukkig weerspreek die notule van die vergadering waarop die saak behandel is, die bewering van dr. Scholtz. Maar u moet tog nie dink dat dit hom enige hoofbrekens besorg nie. Hy beweer eenvoudig dat ds. v.d. Hoff die notule vervals het. Dat die notule goedgekeur is en daar tog seker mense sou gewees het wat sou opgemerk het dat die notule vervals is, het blykbaar nooit op dr. Scholtz gedaag nie. Die onomstootlike feite in verband met die saak verhinder hom nie om sy storie dat ds. v.d. Hoff die inlywing verongeluk het, te vertel nie.

Die ou beskuldiging dat die Ned. Hervormde Kerk liberaal sou wees, bly ook nie agterweë nie. Dit word gesê dat dr. Goebbels, die propaganda-minister van Hitler, die vader van die stelling is, dat as mens maar lank genoeg 'n bewering herhaal, hoe onwaar die bewering ook al mag wees, dan glo die mense dit uiteindelik. Dit wil my egter voorkom dat hierdie stelling amper honderd jaar eerder deur sommige mense in Suid Afrika ontdek is, om tot vervelens toe die bewering, dat die Ned. Hervormde Kerk liberaal is, te herhaal. Dr. Scholtz glo dit ook al. Miskien sal al die mense dit glo na nog 'n paar honderd jaar se herhaling. Ons is dus verplig om dit weereens te ontken. Waar kom dr. Scholtz daaraan? Die Hervormde Kerk het dieselfde belydensskrifte as die ander Afrikaanse Susterkerke. In die loop van meer as 100 jaar het twee predikante 'n leer in stryd met die belydenis verkondig, en is daaroor uit hul amp ontset. Daar bestaan sover ons bekend, geen geskrif, uitspraak of besluit, wat in stryd met die belydensskrifte, en wat deur die Kerk of een van sy ampsdraers gemaak of gepubliseer is nie. Die kerkwet vereis dat minstens twaalfmaal per jaar die Heidelbergse Kategismus in volgorde in 'n preek aan die gemeente verduidelik sal word. Op Ringsvergaderings word streng navraag gedoen of hieraan uitvoering gegee is. In katkisasieklasse word die leer van die Kerk, soos vasgelê in sy belydenisskrifte, aan katkisante verduidelik en aangeprys. Waar kom nou die storie vandaan dat die Hervormde Kerk of sy predikante van vroeër af tot nou, liberaal sou wees? Ons sou

graag aan dr. Scholtz die vraag wou stel of die Metodisme, in sy leerstellige vooronderstelling, sowel as in sy optrede in die praktyk, miskien altyd in ooreenstemming met die belydenisskrifte is. Ons wil hom ook vra in watter van die Afrikaanse Kerke sulke ongereformeerde en anti-calvinistiese strominge, soos die Oxford Group, die A.E.B., die Moral Rearmannent, en die Youth for Christ bewegings, uitgeslaan en posgevat het? Ons kan dr. Scholtz verseker dat dit nie in die Ned. Hervormde Kerk was nie net so min as wat die Ned. Hervormde Kerk al ooit oorsese opwekkingspredikers en geesdrywers uitgenooi en aangemoedig het. Maar ten spyte hiervan is dit altyd mense uit daardie hoek, wat met 'n volharding probeer om die Ned. Hervormde Kerk die etiket van liberaal aan te plak. Nog blinder vir feite word dr. Scholtz, oor die kwessie van die oorspronklike naam van die oudste kerk in Suid-Afrika. Oor die naamkwessie bestaan daar tog vier feite wat mens moet in aanmerking neem.

Feit no. 1. Elke Kerk besit 'n kerkwet en in die wet word die naam van die Kerk vermeld. Die oudste kerkwet in Suid-Afrika vermeld die naam van die Kerk as Nedetditsch Hervormd.

Feit No. 2. Die Kerk het die naam aanvaar tot 1842. Hoe anders kan die besluit van die Sinode van 1842 waarin die naam Nederduitsch Hervormd tot Nederduitsch Gereformeerd verander word, verklaar word?

Feit No. 3. Die Groot Trek het in 1836 plaasgevind. Dus ses jaar voor die naamsverandering.

Feit no. 4. Lidmate en predikante het selfs nog lank na die naamsverandering afwisselend die naam as Nederduitsch Hervormd en Ned. Gereformeerde gebruik.

Myns insiens kan mens uit die feite net die volgende afleidings maak:

A. Die oudste *offisiële* naam van die Kerk in Suid Afrika was Nederduitsch Hervormd.

B. Na 1842 was die naam, die veranderde naam: Ned. Gereformeerd.

C. Die Voortrekkers is met die naam Ned. Hervormd uit die Kolonie weg.

D. Die naam was vir die ou mense nie 'n kwessie nie daarom het so baie mense ander as die offisiële naam gebruik. Dr. Scholtz maak egter die afleiding dat die naam altyd net Ned. Geref. was.

As dr. Scholtz se afleiding korrek sou wees, dan moet ook die volgende afleiding korrek wees:

In Transvaal bestaan die Ned. Hervormde of Geref. Kerk. In sy kerkwet en amptelike stukke word die Kerk se naam as Ned. Hervormde of Geref. genoem. Maar seker 80% van die lidmate en selfs baie predikante praat van hul Kerk as die Verenigde Kerk. Afleiding: Die Kerk se naam was altyd die *Verenigde Kerk* en nooit die Ned. Hervormde of Geref. Kerk nie.

Ter afsluiting wil ek 'n voorspelling maak: Lank nadat dr. G. D. Scholtz al vergete sal wees en sy boek in die vergetelheid verdwyn het, sal die geskiedenis van die Ned. Hervormde Kerk, wat in Transvaal so nou en eerbaar saamgeweef is met die wordingsgeskiedenis van die Transvaalse Republiek, nog die agting afdwing van die reggesinde Afrikaner. Ook sal die naam van ds. Dirk v.d. Hoff die stoere en eerbiedwaardige Voortrekkerpredikant, nog met eerbiedige dankbaarheid deur duisende afstammelinge van die Voortrekkers in ere gehou word.

Mag die Artikel van Prof. Engelbrecht 'n baie groot leserskring hê. Die Artikel verdien dit.

A. J. G. OOSTHUIZEN,
Voorsitter v.d. Komm. v.d. Alg. Kerkverg.
Ned. Herv. Kerk.

DR. G. D. SCHOLTZ SE GESKIEDENIS VAN DIE NEDERDUITSE HERVORMDE OF GEREFORMEERDE KERK

Reeds meer as vyf jaar gelede het dr. G. D. Scholtz van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk opdrag gekry om daardie Kerk se geskiedenis te skryf. Dit is eienaardig dat hierdie opdrag nie aan 'n predikant gegee is nie, of liewer nog aan die Teologiese Professor van genoemde Kerk, in hierdie geval bv. aan prof. dr. D. J. Keet, wat in die jare 1938-1953 hierdie vak aan die Universiteit gedoseer het. Hy was tog die aangewese man vir so 'n opdrag. Waarom is dit egter aan 'n nie-teoloog gegee? Kerkgeskiedenis is tog 'n teologiese vak, en die beskrywing daarvan vereis 'n grondige kennis van die dogmatiese stromings wat meermale aan die kerklike bewegings ten grondslag lê, as ook 'n grondige kennis van kerkreg. Dr. Scholtz is egter nie 'n teoloog nie, maar 'n joernalis, verbonde aan een van ons dagblaaie. Sy boek is vol allerhande algemene en ongegronde bewerings wat kerkhistories nie verantwoord kan word nie.

So sê hy op bls. 1 sonder meer dat dit ,,hoofsaaklik Gereformeerdes" was wat in 1568 die opstand teen Spanje ,,begin" het. Dit is onjuis. Die lede van die ,,Verbond der Edelen" wat in 1566 die smeekskrif aan die verteenwoordigster van die Spaanse Koning oorhandig het, was in meerderheid Rooms. Willem van Oranje, die leier van die opstand in 1568, was toe nog Luthers en het eers enige jare later Calvinis geword en het op die punt van die godsdiens verdraagsaam gebly. Uit die uitgebreide literatuur hieroor van die laaste jare verwys ons dr. Scholtz alleen na die boek van dr. A. A. van Schelven wat in 1948 oor Willem van Oranje verskyn het, en na sy artikel ,,Emendaties op Kuyper's Rede over de Oorsprong en Waarborg onzer Constitutionele Vrijheden" in ,,Uit den Strijd der Geesten. Historische Nasporingen" (1944) bls. 161-191.

Net so foutief is die bewering op bls. 1 in verband met die kerkhervorming dat dit ,,die strewe was om in alle opsigte met die Rooms- Katolieke Kerk te breek." So iets geld wel van die sestiende eeuse Wederdopers wat met die bestaande Kerk wou breek en ook gebreek het, en daarom deur en deur sektaries was. Die Hervorming, ook in Nederland, wou gladnie sektaries wees nie, en wou nie 'n nuwe Kerk stig nie, wat manne soos Luther en Calvyn steeds beklemtoon het. Die strewe van die Reformatore was om die bestaande Rooms-Katolieke Kerk van sy dwaalleer te suiwer en dit te *her*vorm. Die ou betekenis van die woorde ,,hervorm" en ,,gereformeerd" druk dan ook 'n suiweringsaksie uit wat nie in die sestiende eeu moes ophou nie, maar wat in hierdie bedeling moet aan-

hou tot aan die einde van dae, want die dwaalleer het nie in die sestiende eeu opgehou om te bestaan nie, en daarom: *Ecclesia reformata sed semper reformanda.* Die Hervormde Kerk is dan ook nie 'n nuwe Kerk nie, maar in Nederland die historiese Kerk wat daar in die sesde eeu geplant is. Dr. Scholtz se eienaardige beskouing oor „Gereformeerd" laat ons met rus. Die onhoudbare daarvan is ten oorvloede deur ds. Joh. Dreyer in sy brosjure „Hervormd as Kerknaam Gehandhaaf" aangetoon. Verder verwys ons hom na die derde druk van de „Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika" (1953) bls. 7 en 8. Die bewering dat die naam „Hervormd" in Nederland eers in 1816 as offisiële naam aanvaar is, bewys 'n gebrek aan kennis van die Nederlandse Kerkgeskiedenis.

Net so foutief is die „sweeping statement" op bls. 3 dat die doktoreamp vandag nie meer as 'n afsonderlike kerklike amp erken word nie. Dr. Scholtz moes maar eers die Rede wat dr. H. Bavinck op 9 Desember 1899 oor „Het Doctorenambt" gehou het, gelees het, dan sou dit vir hom duidelik gewees het wat die Kerk hieronder verstaan. Dr. Bavinck sê op bls. 57: „Volkomen terecht hebben de Gereformeerden daarom van den beginne af en steeds beslister en duidelijker de doctoren met de professoren vereenzelvigd. Indien er in de Kerk van een afzonderlijk doctoraat naast het pastorale ambt sprake is, dan kan en mag daaronder niet anders verstaan worden dan het hoogleraarsambt in de theologie, aan hetwelk de ontwikkeling en verdediging der waarheid en tevens de opleiding tot den dienst des woords is toebetrouwd. Op deze wijze werd dan ook het doctoraat door schier alle Gereformeerde theologen omschreven. Het werd niet opgevat als een leven voor de wetenschap, maar altijd als een dienst der kerk, bestaande in het onderzoeken der H. Schrift, het verdedigen der waarheid en het onderwijzen der aanstaande predikanten." En verder op bls. 64: „Desniettemin hebben de Gereformeerden in het doctorenambt eene kostelijke waarheid gehandhaafd. Want al is het geen kerkelijk ambt in denzelfden strengen zin als dat van ouderling en diaken, het berust toch op eene gave des H. Geestes en is een dienst, welken de Kerk behoeft, om aan hare roeping te beantwoorden. Immers zijn haar de woorden Gods toebetrouwd, is die sleutel der kennis in hare handen gelegd." In die Kerke waar die Dordtse Kerkorde van krag is, word nog steeds van die vier soorte van dienste gepraat, sowel in die Nederlandse as in die Suid-Afrikaanse Gereformeerde Kerke. Artikel twee van die Kerkorde van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika lui: „Daar is vier soorte dienste: die van die Dienare van die Woord, van die Doktore, van die Ouderlinge en van die Diakens." En Artikel 18 lui: „Die amp van Doktore of Professore in die Teologie is om die Heilige Skrif uit te lê en die suiwere leer teen kettery en dwaling te verdedig". Verder moet die teologiese professore van die Ned. Geref. Kerk in Stellenbosch en van die Ned. Herv. of Geref. Kerk in Pretoria die status van predikant besit.

Laasgenoemde Kerk het 'n ,,Formulier vir bevestiging van Hoogleraars'' waarin van die hoogleraarskap as van 'n ,,amp'' gepraat word, en aan die professor wat bevestig word, o.a. gevra word of hy beloof om sy ,,amp soos dit hier beskryf is en soos dit vanweë die Kerk aan u opgedra is, in ooreenstemming met hierdie leer getrou te bedien?'' Die teologiese professore van die Hervormde Kerk in Pretoria moet ook die status van predikant besit en die Kerkwet bepaal dat dit een van hulle take is ,,om die teologiese arbeid van die Kerk te bevorder'', en in Artikel V van die Kerkwet wat oor die ,,ampte'' handel word bepaal: ,,Die dienaars van die Woord word onderskei in: die herders en leraars; die hoogleraars in die godgeleerdheid''. Dr. Scholtz moet nou nie somaar beweer dat dit nie meer erken word nie!

Net so foutief is die bewering op bls. 4 dat die Statebybel wat in 1637 verskyn het, die eerste geoutoriseerde Nederlandse bybelvertaling was. Die voorganger van hierdie Statebybel, die sogenaamde ,,Deux Aes Bybel'' wat in 1562 verskyn het, was offisiëel deur die Kerk erken en aanbeveel.

Op bls. 4 beweer dr. Scholtz dat die Heidelbergse Kategismus reeds vóór 1559 toe die Franse Geloofsbelydenis vervaardig is, deur ,,die Duitse Protestante'' opgestel is. Dit is misleidend en foutief. Die Heidelbergse Kategismus is nie deur ,,die Duitse Protestante'' opgestel nie, hulle was in oorgroot meerderheid Lutherane, maar het eers in 1563 op las van die Keurvors van die Paltz verskyn wat op daardie tydstip Calvinisties was en dus 'n leerboek nodig gehad het om sy Luthersgesinde onderdane met die Calvinisme bekend te maak. Die Paltz was ook maar 'n baie klein gedeelte van Duitsland.

Wat dr. Scholtz op bls. 5 oor die piëtisme in Nederland ten beste gee, laat ons rus, want dit sou te veel plaasruimte verg om op al die onjuisthede te wys. Die hoogleraar in Kerkgeskiedenis van die Afdeling van die Teologiese Fakulteit in Pretoria wat met die Ned. Herv. of Geref. Kerk verbonde is, sal vanself wel sy studente teen hierdie foutiewe beskrywing van die piëtisme waarsku. Ons verwys dr. Scholtz alleen maar na die artikel van dr. A. D. Pont: ,,Enkele Trekke uit die Vroomheid van Jodocus van Lodenstein'' gepubliseer in die ,,Hervormde Teologiese Studies'', November 1954, bls. 18-33.

Op bls. 8 beweer dr. Scholtz dat die Dordtse Kerkorde in die 17e en 18e eeu ook in die Kaap in swang was. Ook dit is gans-en-al onjuis! Toe verskillende Nederlandse geweste in 1579 die Unie van Utrecht gesluit het met die oog op die oorlog teen Spanje, is in Artikel 13 bepaal dat ieder gewes sy eie godsdiensake self sou reël. Dit kon selfs Rooms bly, as dit sulks wou verkies. Toe die Dordtse Sinode in 1618-1619 'n kerkorde opgestel het, bekend as die Dordtse Kerkorde, moes, ooreenkomstig

die Unie van Utrecht, ieder van die geweste afsonderlik besluit of dit ingevoer sou word of nie. In Noord Holland waaronder die Klassis Amsterdam geval het, is hierdie Dordtse Kerkorde nie ingevoer nie, maar op 19 Julie 1624 verwerp. Die Kaapse gemeentes se geestelike belange is min of meer deur die Klassis Amsterdam behartig. En nou vra ons, hoe op aarde kon die Dordtse Kerkorde in die Kaap gegeld het, terwyl dit nie in die Sinode van Noord Holland van krag was nie? In die Kaapse gemeentes het in die 17de en 18de eeu hoegenaamd geen kerkorde gegeld nie. Die kerkrade van die gemeentes kon nie eers saamkom om oor plaaslike huishoudelike aangeleenthede te beraadslaag nie! Geen kerkraad kon self 'n prdikant beroep nie. Die kerkraadslede is gewoonweg deur die plaaslike Oos-Indiese Kompanjiesbestuur aangestel. Sensuur-sake kon nie deur die kerkrade self afgehandel word nie, ens. ens. 'n Kerkorde, laat staan die Dordtse Kerkorde, het gladnie bestaan nie. En tog sê dr. Scholtz dat die Dordtse Kerkorde ,,ook" in die Kaap in swang was!!

Dan noem dr. Scholtz slegs twee agtiende eeuse predikante wat volgens hom veel gedoen het om die Kaapse Kerk 'n eie karakter te gee, nl. Van Lier en Vos. As dr. Scholtz met my ,,Die Kaapse Predikante van die Sewentiende en Agtiende Eeu" sou wil kennis maak, sal hy sien dat daar verskillende agtenswaardige persone onder hulle was wat veel gedoen het, en dat op ds. Vos nogal een en ander aan te merke is.

Dr. Scholtz kan ook nie raaksien dat die Kerkorde van de Mist 'n groot stap vorentoe was nie. Dit was nie 'n kerkorde wat reëls vir kerkregering bevat het nie, maar was enkel 'n ordonnansie wat veral orde wou stel op die verhouding van die Kerk tot die Owerheid en dit wou reël, en wat moontlikhede geskep het vir die Kerk om hom uiteindelik langs geleidelike ontwikkeling self te bestuur. So het dit die moontlikheid vir die gemeentes gegee om 'n eie Sinode te hou, om eie kerklike wette te maak en bestuursliggame in die lewe te roep, wat ook in 1824 gedoen is toe die eerste Kerkwet deur die Kerk self gemaak is. Die Kerkorde van De Mist was dan ook 'n groot stap vooruit. Dit het tot 1843 van krag gebly toe dit deur die Ordonnansie no. 7 van sir George Napier vervang is wat nou nog van krag is, en waarvan die Kaapse Kerkwet die ,,Schedule" of die ,,Bylae" is. Dit is jammer dat dr. Scholtz nie die notule van die Sinodes geraadpleeg het nie. So word besluite van die Sinodes van 1829 en 1857 nie uit die notule self aangehaal nie, maar uit ,,Die Kerkbode" van 1948 en ,,De Zuid Afrikaan" van 1857! Daardie notule is gedruk en kan tog maklik geraadpleeg word.

Dit is heeltemal juis om te sê dat die rassevraagstuk 'n baie vername prikkel was wat aanleiding tot die Groot Trek gegee het. Maar dit is onjuis om Retief se verklaring dat hulle wanhopig is om die land van die kwaad en die bedreiging vanweë die ,,oproerige en oneerlike gedrag van

landlopers" te red, met hierdie rassevraagstuk te verbind. Die kwaad van landlopery en diefstal het tog met die kleurvraagstuk as sodanig niks te make nie, en dit bly 'n bedreiging afgesien daarvan of die misdadiger wit of swart is. Die beswaar in die dae van Retief was dat leeglopery van blankes wel gestraf kon word, maar leeglopery van gekleurdes nie, sien o.a. dr. S. F. N. Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika II (1928) bls. 281. Dr. Scholtz kon baie ander en sterker gronde as bewyse aangevoer het, maar hy doen dit nie.

Op bls. 19 sê dr. Scholtz dat die Voortrekkers ten opsigte van hul Kerk hulle ,,aangesluit het by die toestand wat voor die koms van die Britte geheers het", dus by die sewentiende en agtiende eeu. En waar hy 'n paar bladsye eerder beweer het dat die Dordtse Kerkorde in daardie twee eeue ,,ook aan die Kaap in swang" was, sou mens verwag dat hy nou moes beweer dat die Voortrekkers vir hul Kerk hierdie Dordtse Kerkorde weer ingevoer het, maar hy doen dit nie. Sou dit wees omdat hy miskien die foutiewe in sy bewerings insake die Dordtse Kerkorde onbewus gevoel het? Die Voortrekkers het hul kerklik nie by die toestande van die sewentiende en agtiende eeu aangesluit nie, maar by die van die tyd van na De Mist. Die handleiding wat Piet Retief vir hul kerklike regering gebruik het, was die ,,Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika" wat in November 1824 in Kaapstad deur die eerste Sinode vervaardig is, sien die ,,Dagboek" van Erasmus Smit onder 14 Januarie 1838.

Dr. Scholtz erken dat die houding van die Kaapse Kerk teenoor die Voortrekkers ,,geensins simpatiek" was nie. Die grondige kenner van die Kaapse kerkgeskiedenis Eerw. A. Dreyer, het dit ook gesê, en aangetoon, maar die ander Kaapse kerkgeskiedskrywers het dit gewoonweg ontken en as Hervormde legendes bestempel. En nou erken dr. Scholtz ook hierdie onsimpatieke houding. Dit is prysenswaardig. Daar is nog baie ander historiese feite wat vandag deur sommige mense ontken word, ook deur dr. Scholtz, maar wat hy as hy die Transvaalse kerkgeskiedenis deeglik uit die bronne bestudeer, ongetwyfeld later ook as vasstaande waarhede sal erken, want feite kan mens nie wegredeneer nie.

Dr. Scholtz se opvatting oor die Voortrekker-republiek is verward. Op bls. 30 sê hy tereg dat ,,vir die Voortrekkers het sowel Vaalrivier as die Drakensberg nooit as politieke grense gegeld nie. Deur die Britse anneksasie van Natal het die Drakensberge so 'n grens geword." Hy kon verder gegaan het en gesê het dat deur die Britse anneksasie van die Vrystaat[1] in 1848 ook Vaalrivier so 'n grens geword het. Die Voortrekkers het hulle Republiek selfs in kaart gebring en laat uitteken hoe dit Natal, die Vrystaat en Transvaal omvat. Maar waar dr. Scholtz op bls. 30 dit met hierdie

[1]Hoewel die naam ,,Vrystaat" eers van latere datum is, gebruik ons dit hier gemakshalwe.

Voortrekkeropvatting van die grense van hul Republiek eens is, vergeet hy dat op bls. 23 die teenoorgestelde beweer is, toe hy foutiewelik gesê het ,,hierdie eerste Voortrekker-republiek sou nie 'n lang bestaan beskore wees nie" omdat die Engelse in 1842 dit begin verower het. Hy sien blykbaar nie raak nie dat in daardie tyd net 'n stuk van daardie Republiek verower is, nl. die deel wat ten ooste van die Drakensberg geleë is. Die Vrystaatse en Transvaalse dele was die staatkundige voortsetting van Voortrekker-republiek, en daarom is sy bewering dat Potgieter die oorgeblewe deel ten weste van die Drakensberg en ten noorde van die Oranjerivier op 10 April 1844 ,,as 'n afsonderlike staat uitgeroep" het, onjuis. Wat wel gebeur het is dit: toe Potgieter hoor dat die Natalse lede van die Volksraad in Augustus 1843 by die anneksasie van die gebied ten ooste van die Drakensberg berus het, het hy dadelik 'n brief aan die Engelse Kommissaris, Cloete, geskryf en beklemtoon dat die mense ten weste van die Drakensberg hulle vry en onafhanklik bly beskou, en op 10 April 1844 het die Adjunk-raad hiervan aan die Natalse Volksraad kennis gegee. Daar is nie toe ,,'n afsonderlike" staat uitgeroep nie, maar die nie-geannekseerde deel van die Voortrekker-republiek het sy onafhanklikheid in die openbaar beklemtoon.

Die naam ,,Nederduitse Gereformeerde Kerk" is vir dr. Scholtz 'n obsessie. Onder die Voortrekkers is dit alles Nederduits Gereformeerd net wat die klok slaan. Hy kan dan ook nie raaksien dat die offisiële naam van die Kaapse Kerk voor November 1842 niks anders was as *Nederduits Hervormd*. Die naam ,,Nederduitsch Gereformeerd" — let wel: die samestelling *Nederduitsch Gereformeerd* — dateer eers van daardie datum af. Hy maak of die Voortrekkers op een uitsondering na net een kerknaam gebesig het, en sê op bladsy 27 voetnoot 39 dat die Voortrekkers vóór 1855 slegs een keer, en wel in 1841, die naam Hervormd sou gebruik het! Wel wel, wat 'n selfuitgereikte *testimonium paupertatis* vir bekendheid met die inhoud van die kerklike dokumente voor 1855!

Op bls. 33 en 34 meld dr. Scholtz die besoek wat ds. Krige in 1846 op las van die Ring van Graaff-Reinet aan die ,,Britsgesinde groep" van Oberholster gebring het, en dan beweer hy dat ,,die ys was nou tenminste gebreek", want die Kaapse Kerk het nou ,,uit eie beweging 'n predikant buite die grense van die Kaapkolonie gestuur". Maar nee, die ys was glad nie gebreek nie, want soos ds. Krige self verhaal en soos dr. Scholtz self erken, wou ,,die republiekeine" niks met hom te doen gehad het nie, en ,,het Avondmaal is volstrekt niet bediend geworden". Ook is die voorstelling van dr. Scholtz van die inlywing van die gemeentes in die Souvereiniteit deur die Kaapse Sinodale Kommissie met die vorming van die Ring van Transgariep in September 1850, gans-en-al onjuis. Die gemeentes in die Souvereiniteit was reeds agtien maande tevore, op 14 Maart 1849, onder die Kaapse Sinode ingelyf, nie deur die Sinode of Sinodale Kom-

missie nie, maar deur die Kaapse Goewerneur sir Harry Smith met sy proklamasie van 14 Maart 1849, waarin hy sy „Regulations for the future Government of the Sovereignty beyond the Orange River", afgekondig het, en waarin hy met die woorde „The Dutch Reformed Churches within the District[1] will be under the supervision of the Synod of that Church in the Colony" met één pennestreek die Vrystaatse gemeentes onder die Kaapse Sinode ingelyf het, net soos hy ruim 'n jaar te vore „met één pennestreek al het land ten noorde der Oranjerivier tot aan die Vaal en oostelijk tot aan de Drakensbergen"[2] vir die Britse Kroon geannekseer het. In hierdie proklamasie beloof hy predikante vir die gemeentes van die nuut geannekseerde gebied. Hierdie belofte het hy nog in dieselfde proklamasie begin uitvoer toe hy die benoeming van ds. Andrew Murray daarin bekend gemaak het, en ook toe hy in die „Cape of Good Hope Government Gazette" van 10 Januarie 1850 die benoeming van 'n tweede predikant, ds. van Velden, gepubliseer het. Op dieselfde wyse is al die predikante wat vóór 1854 in die Souvereiniteit gekom het, deur die Engelse Goewerneur van die Kaap aangestel en besoldig, en hulle aanstellings is in die genoemde „Government Gazette" offisiëel deur die Goewerneur gepubliseer. Dit was die uitvoering van die beleid van die geestelike swaard waar sir Harry Smith in 1848 Andries Pretorius mee gedreig het.

Dr. Scholtz verswyg hoe sommige van die besoekende Kaapse predikante onder die Voortrekkers propaganda vir die Britse vlag gemaak het. Ja meer, op bls. 52 ontken hy dat ds. P. E. Faure en dr. William Robertson wie se reiskoste vir hul besoek na die Souvereiniteit en Transvaal in 1848 deur sir Harry Smith betaal is, hulle met politiek sou ingelaat het. Maar die bewyse vir die teendeel word deur niemand minder as dr. Robertson self gelewer. Op 23 November 1848 het hy uit die Vrystaat offisiëel aan die Engelse Goewerment in Kaapstad geskryf: „We have abstained in our public services from allusion directly to Rebellion[3], but we embrace every opportunity of speaking very candidly with those who are said to be disaffected, in private; and seldom omit to tell them what has been lately going on in France after they got rid of their King, and we generally take care to obey the Apostolic command by praying for the Queen and all in Authority"[4]. Sir Harry Smith het op 7 September 1848 te Winburg 'n

---

[1]Met „District" word magistraatsafdeling bedoel.

[2]Aldus dr. W. J. Leyds: *De Eerste Annexatie van Transvaal* (1906) bls. 80.

[3]Bedoel word die pogings onder generaal Andries Pretorius wat vir sir Harry Smith 'n „villain" en met sy mensen „damned Rebels" was, toe die Boere in 1848 probeer het om die Britse gesag oor die Vrystaat te vernietig, wat op die slag van Boomplaats uitgeloop het.

[4]Net soos wat dr. Abraham Faure in 1843 tydens sy besoek aan die Voortrekkers in Pietermartizburg gedoen het. Hiervan sê sy biograaf H. A. Heyns: „Dit kon ook nie anders dat die gemeente aanstoot geneem en heeltemal vyandig geword het nie, toe hy die Sondagoggend in die gedenkkerkie vir die koningin gebid het, soos sy gewoonte was". *Argief-Jaarboek vir S.A. Geskiedenis* 1950, deel 1, bls. 79.

proklamasie uitgevaardig en daarin o.a. afgekondig: ,,and I hereby make known, that all marriages heretofore contracted in the District of Winburg and not recorded as set forth in my Proclamation, are illegal; and the offspring thereof can inherit no property within the Colony". In opdrag van hom het dr. Robertson en ds. Faure die mense wat deur die Voortrekker landdroste getroud was en wat reeds kinders gehad het, oorgetrou. Die registers is nog voorhande in die kantoor van registrasie van huwelike. Daaronder is een register wat baie merkwaardig is, en wel van 'n paar wat oorgetrou is, terwyl die vrou reeds 'n tyd tevore oorlede was! Dit was ook 'n toepassing van die beleid van sir Harry Smith se geestelike swaard-politiek.

Na sy terugkoms in die Kaapkolonie het dr. Robertson op 14 Maart 1849 in 'n privaat brief aan sir Harry Smith as volg oor die Transvalers geskryf: ,,They have some imaginary ideas of the advantages to be derived from self Government; but I believe that, if proper men are sent to conduct the affairs of the Sovereignty, so that the advantages of a regular government become visible to them, many will soon long to have similar advantages on the other side of the Vaal River." Hy het dan ook verwag dat die aanstelling van ds. A. Murray deur sir Harry Smith die Transvalers so sou beïnvloed dat hulle, as hulle die ,,advantages" van sir Harry Smith se ,,regular Government" in die Vrystaat sien, dit ook vir hulself sou begeer. En daarom het hy reeds 'n maand tevore, op 14 Februarie 1849, ook in 'n privaat brief aan sir Harry Smith, hieroor geskryf: ,,I trust that he will be able, at least once a year, to visit the countries beyond the Vaal River, whose Inhabitants will, I trust, by such appointment in the Soveteignty, soon feel convinced of the superior advantages by those who live under a regular Government".[1]

Laat ons nou die sake in verband met die houding teenoor die Ring van Transgariep kortliks saamvat. In Februarie 1848 is sir Harry Smith aan die Tugelarivier by generaal Pretorius om hom te probeer oorhaal om Natal nie te verlaat nie. En toe hy daarin nie kon slaag nie, dreig hy hom met die geestelike swaard, d.w.s. om die Voortrekkers deur middel van die Kerk onder die Britse vlag te forseer, en haal hy 'n proklamasie uit sy sak waarin hy die hele Vrystaat as Britse gebied proklameer. Op bls. 10 en 11 probeer dr. Scholtz om aan te toon dat sir Harry Smith nooit 'n proklamasie uitgevaardig het waarin hy die Voortrekkers met

[1]Hierdie twee privaat briewe van dr. Robertson aan sir Harry Smith kom nie voor in die uiters waardevolle bronne-publikasie van Eerw. dr. A. Dreyer nie: ,,*Die Kaapse Kerk en die Groot Trek*" (1929). Dr. Dreyer het baie noukeurig en wetenskaplik te werk gegaan, maar hy het hierdie twee briewe nie geken nie, anders sou hy dit seer seker in genoemde publikasie opgeneem het. Die rede dat hy dit nie geken het nie is waarskynlik omdat hierdie briewe nie soos die offisiële briewe van dr. Robertson en ds. Faure aan sir Harry Smith onder die stukke van die Colonial Office in die Kaapse Argief berus nie, maar onder die van die High Commissioner.

die „geestelike swaard" gedreig het. Maar dit is misleidend, want hierdeur word die aandag van die lesers van die saak self weggelei. Nooit ofte nimmer is van gesaghebbende kant beweer dat hierdie dreigement in die vorm van 'n proklamasie gemaak is; wel is van gesaghebbende kant gesê dat sir Harry Smith hierdie dreigement tydens 'n persoonlike gesprek wat hy met generaal Andries Pretorius in Natal gehad het, uitgespreek het, en drie ou Voortrekkers wat daarby persoonlik aanwesig was, nl. G. S. Pretorius, M. P. W. Pretorius en H. P. Pretorius het in 1893 hieroor selfs 'n verklaring gepubliseer. Wat besiel dr. Scholtz tog om dit sonder enige bewys te ontken! In 'n brief op 10 Augustus 1848 aan Earl Grey het sir Harry Smith sy planne hoe om die Britse gesag in die pas geannekseerde gebied te vestig, genoem: „I see my way perfectly; and by establishing a military post at Winberg, and reestablishing the one at Bloem Fontein, which was occupied previously to my assumption of the Government, the well-disposed will be protected, rule, good order, the clergyman, and the schoolmaster, will rapidly aid my exertions, and, in a short time, I shall be enabled to withdraw the troops altogether." Dit het oorlog tussen die Voortrekkers en die Engelse beteken en het die geveg van Boomplaas tussen Andries Pretorius en sir Harry Smith op 28 Augustus 1848 ten gevolge gehad, waarna Pretorius deur sir Harry Smith voëlvry verklaar is, en nou deur sir Harry 'n „vallain" genoem is, en sy volgelinge „dammed rebels", terwyl 'n prys van £2,000 op sy kop geplaas is. Op 14 Maart 1849 vaardig sir Harry Smith 'n nuwe proklamasie uit waarmee hy o.a. die Vrystaatse Voortrekker-gemeentes onder die Kaapse Sinode inlyf[1] en vir hulle predikante en onderwysers beloof, en ook die aanstelling van ds. A. Murray deur hom as predikant van Blomfontein bekend maak. In dieselfde jaar betaal hy die reiskoste van dr. W. Robertson en ds. P. E. Faure om die Voortrekkers in die Souvereiniteit en in Transvaal te besoek en om tegelyk sy geestelike swaard-beleid te help uitvoer. Op 2 September 1850 het die Kaapse Sinodale Kommissie hierdie deur sir Harry Smith onder die Kaapse Sinode ingelyfde gemeentes tot 'n nuwe Ring gevorm, die Ring van Transgariep. In April 1851 was ds. A. Murray en sy broer ds. John Murray in Potchefstroom en Rustenburg, waar hulle kerkraadsvergaderings gehou het, waarvan ds. Andrew Murray voorsitter en ds. John Murray sekretaris was. In Potchefstroom stel ds. Andrew Murray voor „dat de vergadering een ouderling benoeme om in de Transgariepsche Ring de gemeentes te vertegenwoordigen". Die besluit van die vergadering hieroor wat deur ds. John Murray geformuleer is, was as volg: „Men besluit echter wegens vooroordelen onder die gemeente heerschende die ligtelyk een verkeerden zin aan zulk een maatregel zouden hechten, en

---

[1]Let Wel: hierdie Vrystaatse gemeentes is nie, soos dr. Scholtz beweer, deur die Kaapse Kerk onder die Kaapse Sinode geplaas nie, maar deur sir Harry Smith!

dezelve in politieke zaken, het voorstel niet aan te nemen". 'n Week later is in Rustenburg dieselfde voorstel deur ds. Murray gedoen, en daar het die Kerkraad dieselfde as in Potchefstroom besluit. En leser, skrik nou nie: op bls. 64 van sy boek sê dr. Scholtz dat „wanneer alles in aanmerking geneem word, behoort dit volkome duidelik te wees dat die "politieke zaken" 'n verwysing is na die algemene toestand van onrus wat toe in Wes-Transvaal ten gevolge van die moeilikhede met die naturelle geheers het"!! Kan dr. Scholtz dan werklik nie sien dat wat deur ds. John Murray as „vooroordeelen onder de gemeente" geformuleer is wat met „politieke zaken" verband gehou het, niks met onrus vanweë die naturelle in Wes-Transvaal te make gehad het nie, maar doodgewoon besware teen sir Harry Smith se optrede in die Vrystaat was nie? Is dit nou geskiedskrywing?

Op bls. 66-69 is dr. Scholtz geneig om in verband met die totstandkoming van die Sandrivier Traktaat aan ds. Andrew Murray 'n rol as 'n soort bemiddelaar tussen Andries Pretorius en majoor Warden die Britse Resident op Bloemfontein, toe te ken. Tog is dit nie so nie. Van Transvaalse kant is in hierdie verband deur Pretorius en sy mense glad nie met ds. Murray rekening gehou nie. Hy was hoogstens 'n politieke waarnemer wat aan Warden oor die stand van sake in Transvaal moes rapporteer. Pretorius het sy eie bemiddelaars tussen hom en Warden gehad, en wel David Botha, sy seun M. W. Pretorius en sy broer Bart Pretorius. Dr. Scholtz moet dan ook erken dat ds. Murray met die sluiting van die Sandriviertraktaat nie aan die kant van Pretorius was nie, en dat daar 'n „vervreemding" tussen hulle gekom het. Hy druk dan ook op bls. 69 in 'n voetnoot 'n aanhaling uit 'n Transvaalse koerant van 15 Julie 1862 af in verband met 'n besoek van ds. Murray aan Transvaal in daardie jaar: „de Emigranten zijn het nog niet vergeten wat zijn politieke daden zijn geweest aan Zandrivier in 1852 en de daarop volgende reis naar Engeland". Hier kan nog aan die feit herinner word dat toe ds. Murray met sy besoek in Pretoria in die Hervormde Kerk 'n preekbeurt vir ds. Begemann waargeneem het, 'n twaalftal gemeenteleden onder leiding van genoemde Bart Pretorius met 'n protes daarteen voor die kerkdeur gekom het, en geweier het om die diens by te woon.

Op bls. 69-73 behandel dr. Scholtz die poging wat ds. A. Murray en ds. J. H. Neethling in 1852 gemaak het om die Transvaalse gemeentes onder die bestuur van die Kaapse Sinode ingelyf te kry. En dan verhaal hy hoe vriendelik en hartelik hierdie twee predikante ontvang is. Dit bewys juis iets wat dr. Scholtz nie kan raaksien nie: dat die ou Transvalers nie teen die Kaapse Kerk *as Kerk* was nie, maar teen die mate van seggenskap wat die Engelse Goewerneur in die Kaapse kerksake gehad het, waardeur 'n ressortering onder die Kaapse Sinode vir hulle 'n groot beswaar was. Toe ds. J. P. Jooste in 1871 beweer het dat ds. Van der Hoff

,,tegen de Kaapsch Gereformeerde Kerk" is, het laasgenoemde hom in 'n ,,Open Brief" geantwoord dat dit onwaar is, en dat ds. Jooste die Kerk met die kerkbestuur of Sinode verwar. Net wat dr. Scholtz nou ook nog doen. Hy stel dit duidelik hoe ds. Neethling die kerkraad van Potchefstroom meegedeel het dat hy alles wat in sy vermoë was wou doen om die gemeente aan 'n predikant te help, maar onder die uitdruklike voorwaarde dat hierdie predikant onder die Kaapse Sinode sou staan, en dat hy aan die kerkraad die voorstelling gegee het dat daar van enige seggenskap van die Engelse Goewerneur in kerksake geen sprake was nie. In my Geskiedenis van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika (derde druk 1953) sê ek op bls. 75 hiervan: ,,Hoedat hy (ds. Neethling) met die Kaapse kerkwet in die hand die mense wou wysmaak dat die staatkundige vryheid nie geraak sou word deur 'n kerklike inlywing onder die Sinode nie, terwyl selfs die predikante dan deur die Engelse Goewerneur aangestel sou word, is onbegryplik!" Dr. Scholtz sê dat ek hier ,,twee feite uit die oog verloor", en wel dat in 1850 toe ds. Murray na Transvaal beroep is, ,,daar geen sprake was van 'n aanstelling of goedkeuring van die beroep deur die Britse bewindhebbers nie". Nee, natuurlik nie, want die Transvaalse gemeentes het in 1850 tog nie onder die Kaapse Sinode geval nie, en ds. Murray is los van die Sinode beroep, net soos hy in 1854 na Rustenburg beroep is, met die verduideliking daarby dat hy nie onder die Kaapse Sinode sou val nie as hy die beroep sou aanneem. Die ander feit wat ek uit die oog sou verloor is dat die Vrystaatse gemeentes in die jare 1854-1862 sonder goedkeuring van die Engelse Goewerneur predikante kon beroep. Maar dit is dr. Scholtz wat hier iets uit die oog verloor of nie kan verstaan nie, en wel dat die opheffing van die Souvereiniteit in 1854 juis 'n end gemaak het aan die regsgeldigheid van die Kaapse kerkwette in die Vrystaat, en dat die Vrystaatse gemeentes vanaf daardie jaar nie meer onder die Kaapse Sinode mog val nie, omdat die Kaapse Goewerneur geen gesag meer in die Vrystaat had nie. In 1862 het die Kaapse Hooggeregshof dan ook verklaar dat die Sinode onwettig is as daar ook maar een afgevaardigde van die Vrystaatse gemeentes in sit. As die inlywingspogings van ds. Neethling en Murray sou geslaag het, sou daar een van twee dinge gebeur het: óf Transvaal moes ook staatkundig by die Kaapkolonie ingelyf word, óf die Hof sou in 1862 ook hierdie kerklike inlywing ,,van nul en geener waarde" verklaar het. Ds. Neethling het met sy bewering 'n skewe en 'n misleidende voorstelling gegee. Laat ons as bewys hiervoor die Kaapse kerkwet nagaan soos dit op 8 November 1843 deur die Engelse Goewerneur van die Kaap goedgekeur en uitgevaardig is. Dit was 'n algemene landswet van die Kaapkolonie waarvan nie afgewyk mag word nie, al wou ds. Neethling ook die teenoorgestelde beweer. Dit is geteken deur die Goewerneur sir George Napier, en volgens sy opdrag gepubliseer in die ,,Cape of Good Hope Government Gazette" van 10 November 1843 en kom ook voor in

die ,,Statute Law of the Cape of Good Hope" wat in 1862 uitgegee is, op bls. 609-663. Hoewel die Engelse teks die offisiële deur die Goewerneur getekende teks is, haal ons die Hollandse teks aan wat deur die Kerk gebruik is. Al hierdie artikels was in 1852 en verskeie jare daarna nog van krag. Artikel 62 bevat die ,,Reglement van examen" vir hulle wat tot die predikdiens toegelaat wou word. Onderafdeling 16 van hierdie artikel het gelui: ,,Van dit examen en deszelfs uitslag, zal onverwyld, met byvoeging van alle ter zake dienende bijzonderheden, kennis gegeven worden aan Harer Majesteits Gouvernement". En artikel 63a: ,,De voor deze kolonie uitkomende Predikanten der Gereformeerde Kerk, zullen zich bij hunne aankomst behooren te legitimeren bij den Actuarius Synodi. Deze zal daarvan terstond rapport doen aan zijne Excellentie den Hoofdgebieder". Artikel 220 het bepaal dat wanneer 'n beroep van 'n predikant op drie agtereenvolgende Sondae afgekondig is, en daar kom gegronde besware teen in, moet die Sinodale Kommissie ,,daarvan aan het Gouvernement kennis geven". Artikel 221 het bepaal dat as alles na die afkondiging van die beroep in orde is, en dit kerklik goedgekeur is, moet die voorsitter of die skriba van die Ring, ,,dezen ter approbatie aan het Gouvernement voordragen". Hierdie wet was nie alleen kerkwet nie maar ook landswet, en ds. Neethling kon die geldigheid van hierdie artikels nie wegredeneer nie! Misleidend, om dit maar so sag moontlik uit te druk, is die voorstellings wat dr. Scholtz op bls. 77 en vervolgens gee waar hy beweer dat ds. Van der Hoff die ou Transvalers kom ompraat het om nie onder die Kaapse Sinode te staan nie. En dan insinueer hy dat prof. Lauts hierdie gedagte reeds in Holland ,,in die gemoed" van ds. Van der Hoff gelê het. Hiervoor beroep hy hom op 'n sogenaamde ,,private lasgewing" waarin prof. Lauts vir ds. Van der Hoff voor sy vertrek uit Holland sekere dinge sou ,,beveel" het. Maar so 'n ,,private lasgewing" het nooit bestaan nie. Wat dr. Scholtz tot so 'n ,,private lasgewing" met bepaalde bevele fantaseer, is die ,,Nota voor Ds. Dk. Van der Hoff" wat prof. Lauts hom met sy vertrek uit Holland ter hand gestel het en wat ek reeds in 1920 as Bijlage XXII van die eerste deel, eerste druk, van my Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk afgedruk het. Dit is heeltemal geen ,,lasgewing" nie en daarin word hoegenaamd niks in ,,beveel" nie. Dit is doodgewoon vrae oor kerklike en maatskaplike toestande in Suid-Afrika waaroor Lauts graag inligtings wou gehad het, dit bevat ook die versoek om die groete van Lauts aan 'n paar persone aan die Kaap oor te bring; om die hoofredakteur van die Kaapse koerant ,,De Zuid Afrikaan" te vra om hom, Lauts, hierdie blad gereeld toe te stuur, ens. Dit bevat ook nog die raadgewing aan ds. Van der Hoff dat hy by sy aankoms in Kaapstad dadelik 'n besoek aan die voorsitter van die Sinode of Sinodale Kommissie moet bring, en verder aan alle predikante, maar dat hy hom in verband met die inlywing van die Transvaalse gemeentes onder die Kaapse Sinode tot

niks moes verbind nie, want dit was 'n saak waaroor die Volksraad moes besluit. Wat is tog die bedoeling van dr. Scholtz om sy lesers onder die indruk te wil bring dat hierdie „nota" van prof. Lauts 'n „private lasgewing" was waarin hy hom verskillende dinge „beveel"? Wil hy hiermee én prof. Lauts én ds. Van der Hoff in die oë van sy lesers verdag maak? En wat betref die raad dat ds. Van der Hoff hom in verband met die inlywing van die Transvaalse gemeentes vooraf tot niks moes verbind nie, want dat dit 'n saak vir die Volksraad was, vra ons, wat is hiermee verkeerd? As professor Lauts aan ds. Van der Hoff hierdie raad gegee het omdat hy bevrees was dat Kaapse Kerkmanne hom ongewenste verbintenisse sou laat aangaan, dan het hy dit volkome reg gesien, want toe ds. Van der Hoff hom laat legitimeer, het die Aktuarius van die Sinode, dr. A. Faure, hom gevra om 'n eed van getrouheid aan die Britse Owerheid af te lê. 'n Ander Kaapstadse predikant, dr. S. P. Heyns, het hom dit egter afgeraai, waarop hy dit geweier het. Dit is 'n feit wat ook dr. Scholtz nie kan ontken nie. Hy vermeld dit eers op bls. 123, maar waar hy dit nie durf ontken nie, laat hy tog die moontlikheid oop dat ds. Van der Hoff 'n onwaarheid kon vertel het. Maar laat ons die saak 'n oomblik nagaan. Op 8 November 1854 skryf die Lydenburgers aan die Ring van Transgariep dat ds. Van der Hoff hulle vertel het „dat hy een eed van getrouwheid moest doen aan het Britsche Gouvernement, als predikant onder de Synode". Op 22 Oktober 1855, dus byna 'n jaar later, antwoord die Ring aan die Lydenburgers hierop as volg: „Op de vraag „of de Predikanten der Kolonie verpligt zijn een eed van getrouwheid aan het Britsch Gouvernement af te leggen?" kunnen wij onbewimpeld antwoorden: Neen! geen onzer Leeraars heeft zulks moeten doen." Twee maande later, op 27 December 1855, vaardig die Algemene Kerkvergadering uit Potchefstroom 'n Herderlike Brief uit onder die naam: „Eene Stem uit Mooirivier" waarin hieroor gesê word: „Men heeft onlangs uit Lijdenburg aan den Ring van Transgariep de vraag voorgelegd, of de Leeraars hier verpligt zijn een eed van getrouwheid te zweren aan de Britsche Kroon, en het antwoord is geweest: Neen. Dit antwoord is regt. Maar als de Lijdenburgsche vrienden nu gevraagd hadden: Is het waarheid dat men aan onzen Leeraar tijdens zijn verblijf in de Kaapstad gevraagd heeft of hij een eed van getrouwheid zweren wilde, dan had men u zeker geantwoord van ja: want dit is gevraagd aan uwen Leeraar, doch hij heeft zulks geweigerd". Hierdie brief van die Lydenburgers, die antwoord van die Ring van Transgariep en die Herderlike Brief „Eene Stem uit Mooirivier" is herdruk in „Elpis" jaargang 1858, 'n kerklik godsdienstige tydskrif wat in Kaapstad verskyn het en waarvan die Kaapse medewerkers was die predikante dr. P. E. Faure, dr. S. Hofmeyr en ds. G. W. A. v.d. Lingen, as ook die Stellenbosche professor John Murray. Hierdie bewering van ds. Van der Hoff was dus in die Kaapse kerklike kringe bekend. En kan mens nou vir 'n oomblik

aanneem dat as ds. Van der Hoff 'n onwaarheid in verband met hierdie eed van getrouheid sou vertel het, die Kaapse kerklike outoriteite dit nie sou teengespreek het nie? En verder: In Junie 1871 het ds. Van der Hoff in die gedrukte „Open Brief" aan ds. J. P. Jooste wat wyd en syd versprei is, hieroor die volgende gesê: „Wat ik onder anderen van de Synode gezegd heb, dat zij onder den invloed van het Britsch gezag stond, en wat ik verklaard heb van een eed van getrouwheid aan het Britsch gezag, dien men wilde dat ik zou afleggen, dat is alles de waarheid. Tijdens mijne legitimatie aan de Kaap vroeg de Actuarius der Synode mij om zoodanigen eed af te leggen. Op afraden echter van predikant Heins heb ik geweigerd". Die Aktuarius dr. A. Faure is eers in 1875 oorlede, en dr. S. P. Heyns eers in 1873, dus enige jare nadat ds. Van der Hoff hierdie woorde die wêreld ingestuur het. As dit onwaar was sou hulle dit tog teengespreek het, maar geen van beide het dit gedoen nie.

En dan kom dr. Scholtz weer met die afgesaagde onhoubare en onware bewering dat ds. Van der Hoff liberaal sou gewees het en daarom nie onder die Kaapse Sinode wou staan nie. In 1871 het ds. J. P. Jooste hierdie selfde beskuldiging teen ds. Van der Hoff geslinger, waarop laasgenoemde in die gemelde „Open Brief" geantwoord het dat die doel van die verwerping van die gesag van die Kaapse Sinode „was niets anders dan eene uitmuntende zorg om de vrijheid en onafhankelijkheid der emigranten te bewaren maar niet, zooals gij herhaaldelijk beweert, het invoeren van het liberalisme. Aan zulk een gruwel werd destijds volstrekt niet gedacht". En verder: „Uwe beleedigende taal, die gij voert tegen de gansche gemeente van Transvaal, als of zij de onnoozelste en domste menschen waren, die zich zoo makkelijk en zoo spoedig door mij om den tuin lieten leiden en die slechts met eenig vooroordeelen tegen het Britisch gezag bezield waren, — alsmede uw zorgvuldig schuilhouden om mij onder mijne preek te komen beluisteren, en nog andere dingen, ga ik met verachtend stilzwijgen voorbij." Ook dr. Scholtz is nie in staat om in te sien dat die mense nie teen die Kaapse Kerk *as Kerk* was nie, maar wel teen die mate van seggenskap wat die Engelse Goewerneur daar in kerksake gehad het, en omdat hy dit nie kan insien nie, is sy gevolgtrekkings meermale so foutief. Sy voorstellings van die verwerping van die inlywing is benede alle wetenskaplike peil van geskiedskrywing. In die offisiële notule van die eerste Algemene Kerkvergadering van 8 Augustus 1853 staan: „Het punt der inlijving onzer gemeenten onder de Kaapsche Synode ter tafel komende, vraagt de leeraar het woord. Zijn Eerw. geeft den wensch te kennen dat de Gemeenten alhier onder de K. Synode mogten ingelijfd worden. Hij stelt der vergadering het voordeelige en wenschelijke dier zaak voor en waarschuwt ernstig voor de nadeelige gevolgen, die uit eene weigering der inlijving kunnen voortvloeien. De geheele vergadering is echter van een geheel ander gevoelen. Hare hoofdleus is: burgerlijk vrij en onafhankelijk,

wenschen wij dit ook in het kerkelijke. Wij wenschen onze eigene kerkelijke zaken zelf te besturen en in deze niet ondergeschikt te zijn aan de Kaapsche Synode. De Koning der Kerk Jezus Christus onze Heer, zij ons eenig Hoofd. Deze en dergelyke andere uitdrukkingen, door krachtige drangredenen teveel om hier te vermelden, ondersteund, deed den leeraar eindelijk ook besluiten, zijne toestemming te geven aan den algemeenen wensch des Kerkeraads, die volgens het zeggen der Kerkeraadsleden, ook de algemeene wensch van het publiek was. De leeraar door verschillende inlichtingen nu overtuigd geworden van het nadeelige der inlijving onder de K. Synode, verklaart nu plegtiglijk dat hij eenmaal zijne toestemming in deze zaak gegeven hebbende, van nu af aan ook zijne beste pogingen zal in het werk stellen om onder des Heeren zegen deze zaak te bevorderen". En nou wil dr. Scholtz die indruk wek dat hierdie aangehaalde stuk 'n latere vervalsing van die notule deur ds. Van der Hoff is, en wel omdat dit nie voorkom in 'n ongetekende verslag van die vergadering wat ds. Van der Hoff gemaak het, met watter doel weet ek nie, en wat ek in 1912 in Potchefstroom gevind het. Dr. Scholtz se insinuasie is dat ds. Van der Hoff die mense sou oorgehaal het om die voorgestelde inlywing te verwerp, maar later voorgegee het dat dit nie hy was nie, en daarom het hy die notule vervals! En om hierdie insinuasie vol te hou, moet dr. Scholtz die offisiële bewyse ontken of verswyg. Hieruit volg dat wat ds. Van der Hoff in 1857 in 'n deur hom gepubliseerde en verspreide stuk[1] geskryf het, dus ook alles vals en onwaar is, nl. „dat de overleden Kommandant Generaal A. W. Pretorius, kort na mijn aankomst alhier mij een bezoek bragt en mij dringend verzocht om mij toch niet door een predikant van de Synode te laten voorstellen voordat er eene algemeene bijeenkomst te Rustenburg zou gehouden worden om over die zaak te spreken; want dat hij met al zijn menschen niets van de Synode wilde weten. Na veel van mijne zijde hier tegen ingebragt te hebben, besloot ik aan het verzoek van den achtingswaardigen man te voldoen, en met tranen van dankbaarheid in de oogen drukte hij mij de hand, en kon zijn blijdschap schier met geen woorden uitdrukken.

„Een dergelijk verzoek had ik ook ontvangen van een ouderling der gemeente Rustenburg. Dientengevolge schreef ik aan den predikant van Bloemfontein, om mijne voorstelling aan de gemeente uit te stellen, en begon ernstig over die zaak na te denken. Intusschen overleed de Heer Pretorius, en op de bijeenkomst te Rustenburg pleitte ik wel een halfuur lang tegen de afscheiding van de K. Synode, doch al de aanwezige Kerkraadsleden drongen op de afscheiding aan, terwyl het Kerkgebouw opgevuld was met toe hoorders. Eindelijk geef ik toe om mij met de gemeente

[1] „*Eene Stem uit Kaapstad weerklonken in Mooirivier*". Dr. Scholtz praat van hierdie stuk as van 'n „brosjure", en daarmee bewys hy dat hy die stuk self nooit onder oë gehad het nie, want dit het nie in brosjurevorm verskyn nie!

af te scheiden, en zoo groot was de blijdschap over dit mijn besluit dat ik moeite had om de groote schaar van menschen te bedwingen hunne blijdschap uit te drukken door een luidklinkend hoera.

„Kort daarna werd eene dergelijke vergadering te Potchefstroom gehouden. De Lijdenburgsche Kerkraadsleden te Rustenburg niet verschenen, vertegenwoordigden nu alhier hunne gemeente. Ook zij keurden het besluit te Rustenburg genomen goed, en terstond werd het door den Edelen Volksraad bekrachtigd. De zaak is dus deze: In den beginne van mijne aankomst alhier, was ik tegen de afscheiding, om de eenvoudige rede dat ik met den stand van zaken onbekend was. Thans ben ik bekend met den stand van zaken en zie in de vereeniging met de K. Synode geen heil voor de emigranten."

As ds. Van der Hoff so laag was om die notule van die Algemene Kerkvergadering van Augustus 1853 te vervals met die oog om hierdeur dit te wil bedek dat dit hy was wat die mense in daardie Vergadering oorgehaal het om die inlywing onder die Kaapse Sinode te verwerp, dan gee hy in hierdie gedrukte stuk van 1857 ook 'n valse leuenagtige voorstelling. Hierdie gedrukte stuk is deur ds. van der Hoff onder die mense in Transvaal versprei, en is dit denkbaar dat hy so 'n leuenagtige voorstelling van die gebeure in die Vergadering van 1853 die wêreld in sou stuur? Die lede van die Vergadering en die „groote schaar menschen" wat aanwesig was, sou hom tog seker weerspreek het as sy voorstelling werklik leuenagtig was. Maar niemand van hulle het dit gedoen. Wat moet mens van van so 'n „geskiedskrywing" van dr. Scholtz dink? Verbeel u, leser, as die offisiële notule met 'n subjektiewe vooropgesette mening in stryd is, om dan maar te sê die notule is vervals!!! Dr. Scholtz gaan uit sy pad om ds. Van der Hoff swart te smeer en met modder te gooi. Maar hy vergeet dat hy daarmee ook daardie ou stoere Voortrekkerkleiers wat, gedrewe deur hulle patriotisme, vir die gang van sake verantwoordelik was, swartsmeer en met modder gooi, ja dat hy die hele Nederduitsch Hervormde Kerk swartsmeer en met modder gooi! Wat 'n soort van geskiedskrywing tog!

Volgens dr. Scholtz sou die beskrywing wat ds. Van der Hoff van sy ontmoeting en gesprek met generaal Andries Pretorius gee, in stryd wees met wat in die notule van die Algemene Kerkvergadering van Augustus 1853 oor sy houding teenoor die inlywing onder die Kaapse Sinode vermeld word. Maar as hy die twee stukke „Eene Stem uit Kaapstad weerklonken in Mooirivier" en die notule van die Algemene Kerkvergadering sorgvuldig wil lees, sal hy miskien kan sien dat dit daarin oor twee heeltemaal verskillende dinge gaan: In die onderhoud tussen ds. Van der Hoff en generaal Pretorius het dit oor sy bevestiging deur 'n predikant onder die

Sinode gegaan nl. ds. A. Murray, en Pretorius het by hom aangedring om daarmee te wag totdat die kerkrade en die Volksraad oor die inlywing sou besluit het, en dit het ds. Van der Hoff aan generaal Pretorius beloof. Op die Kerkvergadering het dit oor die inlywing gegaan, waarvoor ds. Van der Hoff gepleit het, maar wat tog verwerp is. As die voorstelling van dr. Scholtz juis sou wees, dan sou die ou Transvaalse Voortrekkers 'n klomp beginselose mense, of soos ds. Van der Hoff dit in 1871 uitgedruk het „de onnoozelste en domste menschen" gewees het wat nie geweet het wat hulle wou nie, en hulle nou met die eerste die beste geleentheid op hierdie lewensbelangrike punt laat oorrompel en ompraat deur 'n vreemdeling wat net in die land gekom het en wat met die toestande nog gladnie op die hoogte was nie. As hierdie voorstelling van dr. Scholtz juis sou wees, dan is dit onverklaarbaar hoe sir Harry Smith hierdie mense nie kon oorrompel nie. Maar dit is gladnie juis nie. Hy maak hierdie onjuiste voorstelling deur verskillende dinge te verswyg. *Ten eerste* verswyg hy dat die inlywing met die koms van ds. Van der Hoff aan die Kaap nog gladnie 'n voldonge feit was nie en dat die Aktuarius, dr. A. Faure, met sy eie hand op 10 Maart 1853, toe ds. Van der Hoff nog in Kaapstad was, aan sy kollega dr. S. P. Heyns geskryf het: „Het is wel zoo dat de Synode tot de inlijving of adoptatie heeft besloten maar het is alsnog twijfelachtig, of de Transvaalschen de voorwaarden gaaf zullen aannemen daar zij op de officieele mededeeling niet hebben geantwoord."

Ten tweede verswyg hy dat ouderling Ph. Snyman van Rustenburg op 14 Februarie 1853 toe ds. Van der Hoff nog in die Kaap was en hom dus onmoontlik kon beïnvloed het, aan generaal Pretorius geskryf het en gevra het „sorg tog dat ons niet naader verpant wordt aan den kaap seijnnooden". *Ten derde* verswyg hy dat nog voordat ds. Van der Hoff in Transvaal gekom het, daar al sprake was dat ouderling Wolmarans hom sou bevestig, en dat die Krygsraad op 14 Februarie 1853 op versoek van twee Volksraadslede S. Kruger en H. A. Pretorius en van ouderling Ph. Snyman besluit het om hierdie saak van die bevestiging op 8 Augustus eers voor die volksbyeenkomste te lê om daaroor te besluit, en dat hiervan aan ds. Van der Hoff by sy aankoms kennis gegee is, waarop hy aan ds. Murray met wie hy in Kaapstad afgespreek het om om hom te bevestig, geskryf het om met die bevestiging eers te wag tot na die beslissing van die volksvergadering. *Ten vierde* verswyg hy dat in die Herderlike Brief wat in 1855 deur die Algemene Kerkvergadering onder die naam „Eene Stem uit Mooi rivier" uitgestuur is en wat deur al die lede van die Vergadering onderteken is, o.a. gesê word: „Elk vrij en onafhankelijk volk, dat zijn eigen burgerlijk bestuur heeft, is ook *verpligt* zijn eigen kerkelijk bestuur te regelen.

„De Kaapsche Synode heeft geen de minste aanspraak of regt buiten de grenzen der Kaap Kolonie; overal waar zij zich buiten die grenzen met

kerkelijke zaken bezig houdt, is zij buiten haar regt. Zij kan gerust haren titel: Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, veranderen in: Gereformeerde Kerk van de Kaap Kolonie"[1]. *Ten vyfde* verswyg dr. Scholtz die volgende uit die notule van die Algemene Kerkvergadering van April 1859, toe twee Kaapse predikante wat aanwesig was, dr. S. Hofmeyr en ds. A. A. Louw, in ds. Van der Hoff die oorsaak van die verwerping van die inlywing wou sien: ,,Ds. Van der Hoff zegt, dat toen hij in de Zuid-Afrikaansche Republiek aankwam, de Regering zoowel als de groote meerderheid van het publiek zoo sterk voor eene afscheiding van de Synode was, dat hij, hoe zeer aanvankelijk er tegen, eindelijk had toegegeven en medegewerkt. De Heer Proes (staats-procureur) verzoekt het woord en zegt, dat hij door de Regering verzocht was aan de Vergadering mede te deelen, dat niet Ds. Van der Hoff op de afscheiding had aangedrongen, doch de Regering zelve. Men beschouwt Ds. Van der Hoff gewoonlijk als den bewerker van deze zaak, doch hy was onschuldig." Dr. S. Hofmeyr, 'n Kaapse predikant wat soos gesê is, op die vergadering aanwesig was, het dit gepubliseer in die reeds genoemde tydskrif ,,Elpis" 1859, bls. 164. Waarom verswyg dr. Scholtz dit? Is dit miskien omdat waar hy ds. Van der Hoff tot leuenaar maak, hy tog nie durf om ook die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek tot leuenaar te maak nie? *Ten sesde* verswyg dr. Scholtz die feit dat ds. Van der Hoff in sy wyd verspreide ,,Open Brief" wat hy in 1871 aan ds. J. P. Jooste gerig het. die volgende oor die ,,afval van de Synode" skryf: ,,De oorzaak van dien afval is de gemeente. Tot getuige roep ik op al de oude emigranten, die destijds de drijvers van die zaak waren. Ik zal hier enkelen bij name noemen, als: Ph. Snyman, Ph. Schutte, Gerrit, Paul en Douw Kruger, G. Engelbregt, Th. Steyn, J. Kok, Wijnand Smit, D. Jacobs, de familien van Wolmarans, Lombard en anderen. Ge kunt ook aan onzen Staatspresident vragen wat zijn overleden vader hem kort voor zijn dood op het hart heeft gedrukt, namelijk: ,,om wel toe te zien dat ik my niet onder de Kaapsche Synode moest verbinden."

,,Later, toen ik inzag, dat de scheiding van de Synode eene gewenschte zaak was, heb ik yverig daarvoor gewerkt."

Hierdie ,,oude emigranten" wat deur ds. Van der Hoff met name as getuies genoem word, het toe nog geleef. Nie een van hulle het ooit sy woorde weerspreek nie. En sou bv. president M. W. Pretorius kon stil bly as ds. Van der Hoff hom en generaal Andries Pretorius in stryd met die

[1]Sewe jaar later, in 1862, het die Kaapse Hooggeregshof inderdaad die uitspraak gegee dat die Kaapse Sinode onwettig saamgestel is as daar maar een enkele afgevaardigde uit 'n gemeente uit die Ring van Transgariep sitting neem. Die bestaan van die Transgariepse Ring was dus onwettig, en die ou Transvalers het met die verwerping van die inlywing die saak baie juister gesien as die Kaapse Sinode dit gedoen het. Dit bevestig ook dat ds. Neethling in 1852 op Potchefstroom 'n skewe voorstelling gegee het. Dit bly skeef, al wil dr. Scholtz dit reg praat.

waarheid tot getuie geroep het? *Ten sewende* verswyg dr. Scholtz dat toe daar in April 1872 in die sitting van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in die kerkgebou van Potchefstroom twee Kaapse predikante, ds. J. H. du Plessis en ds. A. J. Steytler as afgevaardigdes van die Kaapse Kerk aanwesig was, en die verwerping van die inlywing onder die Synode in 1853 ter sprake gekom het, verskillende ou Voortrekkers wat ook onder die publiek aanwesig was, na vore gekom het en ronduit verklaar het dat dit nie ds. Van der Hoff was wat hulle beweeg het om die inlywing te verwerp nie, maar anders om: dit was hulle wat ds. Van der Hoff daartoe oorgehaal het.[1]

'n Ander voorbeeld van die wyse waarop dr. Scholtz die historiese bronne hanteer, is die volgende: In die notule van die Algemene Kerkvergadering van 1853 wat deur ds. Van der Hoff opgestel is, word vermeld dat daar gehandel is oor die toelating van „andere godsdienstige genootschappen in deze republiek", waarop ds. Van der Hoff voorgestel het „dat het met den geest van eenen vrijen staat niet overeenkwam om iemand, van welke geloofsbelijdenis hij ook wezen moge, in zijne godsdienstvereering hinderlijk te zijn." Alleen diaken Robinson het ds. Van der Hoff gesteun, die res van die vergadering was daarteen, waarop besluit is „geen andere kerkgenootschappen hier toe te laten dan de Nederd. gereformeerde". Maar nou kom dr. Scholtz en gee voor dat ds. Van der Hoff ook hierdie deel van die notule vervals het, want hy het hom „steeds" teen die „stigting" van ander kerke in Transvaal verset. Maar dit is beslis onwaar. Ds. Van der Hoff het hom wel altyd met krag beywer om die bestaande Hollandse Kerk in Transvaal nie te laat verbrokkel nie, en dit moet in hom geprys word. Neem as voorbeeld die stigting van die Gereformeerde Kerk onder ds. Postma, toe ds. Van der Hoff alles in sy vermoë gedoen het om die eenheid van die bestaande Hollandse Kerk in die Republiek te bewaar, en toe dit nie moontlik was nie, is hy en ds. Postma as christene in vrede uiteen nadat hulle mekaar „de broederhand der gemeenschap, als overeenstemmende in hetzelfde geloof" gegee het. Ds. Postma het nog in 1871 in 'n brosjure wat hy uitgegee het, van die vriendelikheid en eerlikheid van ds. Van der Hoff teenoor hom melding gemaak. Dr. Scholtz sal nie een enkele voorbeeld kan noem om te bewys dat ds. Van der Hoff hom ooit teen die stigting van andere Kerke in Transvaal verset het, tensy hy laasgenoemde se strewe om die eenheid van die bestaande Kerk te bewaar,

---

[1]In verband met hierdie voorval het ds. Van Warmelo wat teenwoordig was, in 1881 in sy brosjure „*Een Herinnering aan ds. Dirk van der Hoff*" die volgende geskryf: „Zelfs jaren later, in het jaar 1872, toen de predikanten du Plessis en Steytler door de Kaapsche Synode afgevaardigd waren naar de Transvaal, om de oorzaken der kerkelijke scheuring te onderzoeken, werd die oude zaak weder opgewarmd, maar toen ook, voor goed en voor altyd, beslissend uitgemaakt. Niet Ds. van der Hoff, maar het volk is oorzaak van de afscheiding der Kaapsche Synode." Durf dr. Scholtz ook ds. van Warmelo tot leuenaar maak?

as 'n verset teen die stigting van ander Kerke beskou. Nooit het ds. Van der Hoff hom ook maar in die minste verset teen die stigting van Engelse of Duitse Kerke in die land nie. Maar wat dr. Scholtz glad nie raaksien nie, is dat dit op die eerste Algemene Kerkvergadering van 1853 oor die toelating van die Roomse Kerk gegaan het. In 'n memorie wat hieroor opgestel is en wat op 10 Augustus 1853 hierop aan die Volksraad gestuur is, kom o.a. die volgende voor: „Den 9 den Augustus dezer hebben wij van den WelEerw. zeer geleerde Heer D. V. D. Hoff het besluit genomen door de WelEerw. Kerkeraad, gehoord; namelijk: dat in ons land geene andere godsdienst zal erkend worden, dan de gereformeerde godsdienst". En in 'n brief uit Rustenburg gedateer 15 Augustus 1853 aan „De Zuid Afrikaan", word vermeld dat die Algemene Kerkvergadering o.a. besluit het: „Dat, in aanmerking nemende de heerszuchtige en alles ten verderve dreigende woelingen der Roomsche hierarchie en andere daarmee overeenkomende kerkelijke genootschappen, hier in deze landen geen ander kerkgenootschap zal toegelaten worden noch veroorloofd kerken te bouwen, enz., dan alleen de hier gevestigde Nederduitsch Gereformeerde Kerk". Dit het teen die Roomse Kerk gegaan.[1]

Die bewering van dr. Scholtz op bls. 87 „dat die offisiële notule eers 'n paar jaar na die byeenkoms van Rustenburg opgestel is," is beslis onjuis. Toe ds. Van der Hoff in die land gekom het, was daar geen notuleboek nie, en in die hele Transvaal was daar nie 'n plek waar mens so iets kon koop nie. Dit moes van buite Transvaal gekry word, waarskynlik van Pietermartizburg. Die notule van die eerste drie Algemene Kerkvergaderings is dan ook gewoon op los velle papier geskryf, en toe daar eindelik 'n notuleboek voor hande was, is die notule van die losvelle in die notuleboek oorgeskryf, en aan die slot van die notule van die vierde Algemene Kerkvergadering wat vanaf 26 Desember 1855 op Potchefstroom gehou is, lees ons: „in aanmerking nemende dat de notulen der vroegere algemeene Kerkvergaderingen, bij gebreke van een behoorlijk notulenboek, slechts op klad geschreven waren, en nu in dit boek overgeschreven en gebleken zijn conform die kladnotulen te zijn opgesteld, zoo wordt dit door onze onderteekening alhier tegelijk voor echt en waar erkend." Dit is onderteken deur al die lede van die vergadering. Wil dr. Scholtz al hierdie manne tot leuenaars maak? Veral ouderling F. G. Wolmarans moes in die oë van dr. Scholtz bepaald 'n baie onbeduidende persoon gewees het, want hoe kan hy

---

[1]Hierdie besluit is vasgelê in artikels 20 en 21 van die Grondwet van 1858 wat as volg gelui het: „Het volk wil zyne Nederduitsch Hervormde Godsdienstleer, zooals deze in de jaren 1618 en 1619 door de Synode te Dordrecht is vasgesteld, in hare grondbeginselen blijven behouden, en de Nederduitsch Hervormde Kerk zal de Kerk van den Staat zijn.

„Het verkiest in zijn midden geen Roomsche Kerken toe te laten, en ook geene andere Protestantsche, dan de zoodanige waarin dezelfde hoofdsom van christelijk geloof geleerd wordt, als is opgegeven in den Heidelbergschen Catechismus."

hom dit anders voorstel dat hierdie man, wat in daardie dae die kerkleier in Transvaal was, een van die ondertekenaars van die Sandriviertraktaat, die voorsitter van hierdie eerste twee Algemene Kerkvergaderings, dit kon toelaat dat ds. Van der Hoff tot op twee plekke in verband met die twee belangrikste besluite wat die vergadering geneem het, die notule vervals het, en dan nog in Desember 1855 sy naam onder die vervalste notule geskryf het, om te verklaar dat dit conform die notule was wat op lospapier geskryf was? Wat 'n manier van geskiedskrywing is dit tog om wanneer in bepaalde dokumente sekere dele nie met 'n vooropgesette subjektiewe beskouing klop nie, dan maar die dokumente as 'n vervalsing te verklaar!

In November 1853 het 'n voltallige Volksraad die verwerping van die inlywing van die Transvaalse gemeentes onder die Kaapse Sinode bekragtig. Nou probeer dr. Scholtz om met allerhande redenasies te bewys dat dit weer ds. Van der Hoff was wat hier agter gesit het en die ou Transvalers hiertoe oorgehaal het. Ons wil alleen op twee ongerymdhede wys en die res van hierdie onhoudbare redenasies in hierdie verband daar laat. Een van die redes wat die verskillende vergaderings by herhaling as oorsaak van die verwerping van die inlywing genoem het, was omdat die mense hul onmoontlik aan die Kaapse „kerkelijke wetten" kon onderwerp. Maar nou wil dr. Scholtz die aandag van sy lesers hiervan weglei en probeer hy om 'n bymotief agter hierdie rede te soek, en wel omdat die Algemene Kerkvergadering van 1855 in die herderlike brief „Eene Stem uit Mooirivier" gesê het „tot regel van ons bestuur volgen wij tot heden nog de kerkelijke wetten der Kaapkolonie, die eerstdaags door een kerkelijk reglement zullen vervangen worden." Hier voeg dr. Scholtz die smalende opmerking aan toe: „kerklike wette wat verwerplik was, omdat hulle in die Kaapkolonie toegepas is, was egter volkome aanvaarbaar, indien hulle in die Transvaal uitgevoer word." Wat 'n minderwaardige en domme mentaliteit moes die ou Transvalers volgens hierdie opmerking gehad het! Nee, die ou Voortrekkers in Transvaal was nie so 'n klomp dom mense nie dat hulle 'n kerklik wetboek verwerp net omdat dit in die Kaap van krag was, en dit dan self weer in Transvaal gaan invoer en hul dan verbeel dat die besware daarteen nou nie meer bestaan nie! Maar waarom laat dr. Scholtz die sinne wat onmiddellik op die deur hom aangehaalde sin weg? Ons haal die geheel aan, en dan kan die leser self oordeel:

„Tot regel van ons bestuur volgen wij tot heden nog de kerkelijke wetten der Kaap Kolonie, die eersdaags door een kerkelijk regement zullen vervangen worden, volgens besluit is in onze Vergadering van heden.

„De Kaapsche Synode, ofschoon wel niet onder het Engelsch Gouvernement, is en blijft toch altijd van dat Gouvernment afhankelijk; want in de eerste plaats bestaat en werkt zij bij Ordonnantie van den Wetge-

vende Raad, en ten tweede is zij verpligt zekere veranderingen of nieuwe wetten die zij vervaardigt, vóór de uitvoering door het Engelsch Gouvernement te doen bekrachtigen.

„Als wij dus onder de Synode staan en wij wenschen zekere kerkelijke wetten veranderd of nieuwe ingevoerd te hebben, dan moeten wij eerst de goedkeuring der Synode (en daarbij nog de bekrachtiging van het Engelsch Gouvernement) afwachten.

„Elk vrij en onafhankelijk volk, dat zijn eigen burgerlijk bestuur heeft, is ook *verpligt* zijn eigen kerkelijk bestuur te regelen.

„De Kaapsche Synode heeft geen de minste aanspraak of regt buiten de grenzen der Kaap Kolonie; overal waar zij zich buiten die grenzen met kerkelijke zaken bezig houdt, is zij buiten haar regt. Zij kan gerust haren titel: Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika, veranderen in: Gereformeerde Kerk van de Kaap Kolonie."

Soos reeds meermale hier genoem, het die Kaapse Hooggeregshof in 1862 duidelik uitspraak gedoen dat die Kaapse Sinode geen kerklike jurisdiksie buite die grense van die Kaapkolonie het nie. Eers in 1898 is dit met die „Emendatie Akte" verander. Nee, die ou Voortrekkers in Transvaal was nie so dom en beginselloos nie dat hul eers 'n kerklike wetboek verwerp bloot omdat dit in die Kaap toegepas word, en dit dan self in Transvaal weer gaan invoer. Hulle wou geestelik nie met die Kaapse Kerk breek nie, en daarom het ouderling Wolmarans en ds. Van der Hoff op 22 November 1853 in opdrag van die Algemene Kerkvergadering aan die Aktuarius van die Kaapse Sinode geskryf dat die Transvaalse Kerk hom nie „afsnydt of afscheurt van hare oude moederkerk; in geene deelen. De dochter wil nog gaarne met hare oude moeder in kinderlijke betrekking blijven." Die beswaar was nie teen die Kaapse Kerk as *Kerk* nie, maar wel teen daardie artikels van die Kaapse Kerkwet wat in die onafhanklike Republiek in Transvaal onmoontlik kon toegepas word sonder om die bestaan van die Republiek in gevaar te bring, soos die mate van seggingskap wat die Engelse Goeverneur deur die Kaapse Kerkwet in Kaapse Kerksake gehad het. Reeds op 15 Augustus 1853 is uit Rustenburg aan „De Zuid Afrikaan" geskryf „dat er een nieuw kerkelijk wetboek zal vervaardigd worden, geheel ingerigt naar den geest en de behoefte dezer republiek". In die tussentyd het die Transvaalse Kerk gewoonweg die Kaapse kerkwet gebruik vir sover dit kon toegepas word en nie met die „geest en de behoefte" van die Republiek in stryd was nie. Watter beswaar kan dr. Scholtz hierteen hê? Toe die Voortrekkers die Kaapkolonie verlaat het, het hulle verskillende ordonnansies van De Mist met hul saam geneem as leidraad vir hulle bestuursake, en sommige daarvan het selfs met die nodige aanpassing aan die „geest en de behoefte" 'n plek in die wetboeke van die Suid-Afrikaanse Republiek gekry. In die „Dagboek" van Erasmus

Smit lees ons onder datum 14 Januarie 1838: „Nadat de vergadering den heer Cilliers in 't kort het gebruik onzer Kerk voorgelicht had, vraagde zij hem, of hij genegen was zich in alles naar ons Kerkelijk Reglement te willen gedragen. De Heer Cilliers vraagde, wat voor een Reglement dit was. En daarop is den heer Cilliers voorgelezen — het gedrukte Reglement by al onze Kerken in de Kolonie sedert 1824 (en in Holland veel vroegere jaren) in gebruik zijnde geweest." Die Kaapse Reglement van 1824 was gebasseer op die Nederlandse van 1816, pas klaar gemaak om by die „geest en behoefte" van die Kaapkolonie aan te pas. Maar hierdie Reglement van 1824 kon ook selfs in die dae van Erasmus Smit onmoontlik in alle dele onder die Voortrekkers toegepas word. Baie artikels het daarvoor te veel met die „geest en behoefte" onder hulle verskil. Maar tog is hierdie Reglement, en later die Kaapse kerkwet van 1842, deur hulle gevolg sover dit toegepas kon word. Ook op staatkundig gebied is meermale op soortgelyke wyse gehandel. So is in artikel 31 van die „Drie En Dertig Artikelen" wat in 1844 op Potchefstroom deur die Volksraad opgestel is en wat as die eerste Grondwet van die Republiek gegeld het, bepaal: „In alle gevallen waarin deze wetten tekort mogten komen, zal de Hollandsche wet tot basis verstrekken, doch op een gematigde stijlvorm en overeenkomstig van het costuum van Zuid Afrika en tot nut en welvaart van de maatschappij." En toe sir George Clerk op 11 Maart 1854 oor die Oranjerivier trek en daarmee die Britse gesag oor die Vrystaat verdwyn het en dit 'n Republiek was, het die nuwe republikeinse regering by gebrek aan 'n eie vlag gewoonweg die Nederlandsche Driekleur in Bloemfontein gehys, solank 'n eie vlag nog nie daar was nie. As die Voortrekkers op staatkundig gebied die Kaapse wette van De Mist en selfs die Hollandse wet gevolg het solank 'n eie Transvaalse wetboek ontbreek het, en die Vrystaters selfs die Hollandse vlag gehys het omdat hulle nog nie self 'n vlag had nie, waarom kon op kerklik gebied dan nie van die Kaapse Kerkwette gebruik gemaak word nie in sover dit toegepas kon word? Dr. Scholtz sou veel beter gedoen het as hy sy smalende opmerking in die pen gehou het.

Die res van die redenasie van dr. Scholtz, waarin hy net sy ou onhoubare stellings oor en oor herhaal, om te wil aantoon dat ds. Van der Hoff die mense sou oorgehaal het om die pogings van inlywing onder die Kaapse Sinode te verwerp, laat ons verder daar. Dit is onjuis en met die historiese feite gans-en-al in stryd. Daar is die uitspraak van die Kaapse Hooggeregshof van 1862 wat neergelê het dat dit vir ieder gemeente buite die grense van die Kaapkolonie onwettig was om onder die Kaapse Sinode te val. Die Kaapse Goewerment had hoegenaamd geen reg om kerkwette te maak wat buitekant die grense van die Kaapkolonie toegepas kon word, netsomin as wat die Unieparlement die reg het om vandag wette te maak wat in Rhodesië toegepas moet word.

Op verskillende plekke in sy boek beweer dr. Scholtz op apologetiese wyse dat die Kaapse predikante geen beroep na Transvaal wou aanneem nie omdat daar in die Kaapkolonie self so 'n skaarste van predikante was, en op een plek praat hy selfs van 'n „akute skaarste". 'n „Akute skaarste aan predikante"? As dit so was, hoe kon die gemeente van Kaapstad dan in 1836, die jaar van die Groot Trek, 'n besluit geneem het, wat deur die Ring bekragtig is, „dat aan zijne Excellentie den Heer Gouverneur verzoek worde gedaan, dat er voor de Nederduitsche Hervormde Kerk alhier vooreerst geene aanstellingen van Predikanten geschieden, dan ten behoeve van hen, die reeds hier zijn, en nog geene aanstelling hebben kunnen bekomen, en dat het, by verdere dispositiën over vacaturen alhier moge worden in aanmerking genomen, dat zich thans nog in Europa een getal van Negen bevindt, van zulken, die in het vooruitzicht van bij hunne terugkomst in het Vaderland als Predikant der Hervormde Kerk alhier te zullen worden geplaatst, even als de zich hier bevindenden, groote opofferingen gedaan hebben en nog doen om zich te bekwamen, en waarvan eenigen binnen kort te verwachten zijn." Wys dit op 'n „akute skaarste aan predikante"? En dan, op 7 Maart 1840 het die Natalse Volksraad 'n beroep uitgebring op proponent P. K. Albertyn wat teen die einde van 1839 uit Holland, waar hy gestudeer het, teruggekeer het, en op 9 Januarie 1840 aan die Kaap gelegitimeer is en dus beroepbaar gestel is. Dit het hom 'n halfjaar geneem om oor hierdie beroep te besluit, en toe was dit nog afwysend: hy het daarvoor bedank. Dr. A. Dreyer, die grondige kenner van die Kaapse kerkgeskiedenis wat ook verskeie jare tot met sy dood in 1938 argivaris van die Kaapse Kerk was, skryf op bls. 48 van die „Jaarboek van die Ned. Gereformeerde Kerk" jaargang 1930, die volgende oor ds. Albertyn: „Teen die end van die jaar (1839) was hy weer in sy vaderland terug, en op 9 Januarie 1840 is hy in Kaapstad gelegitimeer. Ds. Albertyn het hom dadelyk gekenmerk vir sy ernstige, welsprekende en indrukwekkende prediking. Hy moes egter vir 'n geruime tyd op 'n vaste werkkring wag. Daar was geen vakante gemeentes nie, en tussen 1840 en 1842 is daar slegs een nuwe gemeente gestig, naamlik Wellington, en dit was reeds aan ds. A. F. du Toit toegesê. Dit was 'n tyd toe alle aanstellings aan die goedkeuring van die Goewerneur onderworpe was, en die Kerk deur die Staat aan knellende bande gelê was. Dis maar eers in 1845 dat ds. Albertyn sy eerste gemeente, die van Prins-Albert, toe Zwartberg genoem, ontvang het" Ds. Albertyn moes dus vyf jaar op 'n eie gemeente in die Kaap Kolonie wag, en het dit liewer gedoen as om 'n beroep na die Voortrekkers in Natal aan te neem. Wys dit op 'n „akute skaarste aan predikante"? En wat die „knellende bande" aanbetref, soos dr. Dreyer dit noem, dit was hierdie „knellende bande" wat die rede was waarom die inlywing onder die Kaapse Sinode in 1853 deur die Transvalers verwerp is, en hierdie „knellende bande" kan deur dr. Scholtz nie weg geredeneer word nie.

Wat dr. Scholtz in hoofstuk vyf van sy boek onder opskrif van ,,'n toestand van verwarring" ten beste gee, is so verward dat ons dit maar oorslaan. Alleen wil ons hom in verband met ds. Van Velden wat die mense van Hartebeestfontein so teen ds. Van der Hoff opgestook het, verwys na bls. 124-126 van die ,,Bouwstowwe" wat dr. G. B. A. Gerdener in 1930 gepubliseer het, alwaar 'n brief uit die jaar 1854 van ds. Van Velden voorkom waarin hy gal gespuug het teen die nuwe republikeinse regering van die Oranje Vrystaat, en die republikeinse owerheid sulke name gegee het as ,,goddeloozen en huichelaars die rebellen en oproerlingen in de Kerk van Christus zijn", ens. ens., en verder na ds. Van Velden se eie ,,Memoirs" waarin hy sy kollega dr. William Robertson van Swellendam 'n ,,aartshuichelaar" noem met 'n ,,afschuwelijk laag karakter". Dr. Scholtz moet versigtig wees om ds. Van Velden nie te gou as bondgenoot in sy stryd te neem nie!

Op een punt in hoofstuk vyf wil ons nog wys, en wel op die voorstelling wat dr. Scholtz op bls. 141 oor Soutpansberg gee. Hy gee daar die volgende aanhaling uit 'n brief van kerklede uit Soutpansberg op 2 Julie 1857 aan 'n viertal Kaapse predikante: ,,Het is onze harte wensch dat de Heere in zijne oneindige liefde het hardt van een dezer genoemde Leeraren te bewerken om Gods dierbaar en Heilig woord onder ons te komen verkondigen". En nou sien hy hierin 'n beweging wat in Soutpansberg sou ontstaan het ,,wat nouer aansluiting by die Sinode wou hê". Maar dit is 'n ongegronde bewering waarvoor geen enkel bewys bestaan nie, want so 'n beweging het daar nie ontstaan nie. As daar in 1857 mense uit Soutpansberg na die Kaap skryf dat hulle graag 'n predikant daarvandaan wou hê, beteken dit dan dat hulle onder die Kaapse Sinode wou staan? Die Ned. Hervormde Kerk het van af die jaar 1873 tot vandag toe nog altyd een of meer predikante gehad wat hul kerklike loopbaan in die Kaapse Kerk begin het. Beteken dit nou dat die Hervormde Kerk van 1873 tot vandag toe ,,nouer aansluiting" onder die Kaapse Sinode wou hê? Beteken dit dat Rustenburg onder die Kaapse Sinode wou staan toe ds. Murray in 1854 daarheen beroep is? Wou die Voortrekkers in 1840 onder die Presbiteriaanse Sinode van Amerika staan toe die Volksraad ds. Daniel Lindley in daardie jaar as predikant aangestel het? Al hierdie vreemdsoortige redenasies vloei daaruit voort dat dr. Scholtz, in plaas van dat hy die geskiedenis van sy Kerk geskryf het, hy 'n polemiese aanval op die Ned. Hervormde Kerk gemaak het.

Wat die stigting van die Gereformeerde Kerk onder leiding van ds. D. Postma aanbetref, is die beeld wat dr. Scholtz gee net so eensydig en foutief. Hy begin op bls. 149 om ,,sekere J. J. Venter" as ,,een van die beswaardes" te noem. Dit is al misleidend. Hierdie ,,sekere J. J. Venter" was in die Vrystaat 'n baie bekende en 'n baie invloedryke persoon. Hy was verskeie jare lank lid van die Vrystaatse Volksraad en lid van die Uit-

voerende Raad, en na die aftrede van M. W. Pretorius as Staatspresident was hy tot aan die verkiesing van J. H. Brand in 1864 waarnemende Staatspresident, ook was hy met die koms van ds. Postma eind 1859 nie een van die ,,beswaardes" nie, want hy was toe nie eers meer lid van die Ned. Gereformeerde Kerk nie, omdat hy reeds in Januarie 1858, dus byna 'n jaar voor die koms van ds. Postma in die Vrystaat, as lidmaat bedank het. Waarom gee dr. Scholtz hierdie eienaardige voorstelling? Is dit omdat hy die foutiewe indruk wil wek dat ds. Postma uit Holland sou gekom het met die doel om hier 'n ,,nuwe Kerk" te kom stig? Want op bls. 150 skryf hy oor ds. Postma: ,,Hy wat Nederlander was, was van plan om die kerklike verdeeldheid wat in sy vaderland geheers het, ook op Suid-Afrikaanse bodem te kom oorplant." En sy grond vir hierdie valse beskuldiging is 'n ongedateerde brief wat ds. Postma in Pietermartizburg aan die kerkraad aldaar geskryf het en waarin hy, volgens dr. Scholtz, sy plan om 'n ,,nuwe Kerk" te kom stig, as volg uiteensit: ,,zoover wij bekend zijn met de Gereformeerde Kerk van Zuid Afrika, beschouwen wij deze met ons homogeen, en het is ons innigst verlangen al wat wij hier doen, met haar in de beste overeenstemming te doen, al ware het dan niet in dezelfde kerkelijke gemeenschap." Die woord ,,al ware het dan niet in dezelfde kerkelijke gemeenschap" moet dan volgens dr. Scholtz daarop wys dat ds. Postma nog vóór hy in die land was, reeds met die plan agter in sy kop rondgeloop het om 'n ,,nuwe Kerk" te kom stig. En dan voeg dr. Scholtz daaraan toe: ,,Vir 'n vreemdeling was dit werklik onvanpas om 'n kerklike verdeeldheid waarvoor daar in sy vaderland rede bestaan het, te gaan oordra na 'n land en 'n volk waar sodanige redes nie bestaan het nie." Ds. Postma moet die skuld kry, want hy het nog voordat hy een van die latere afgeskeidenes met 'n oog gesien het, reeds met die plan van 'n afskeiding agter in sy kop rondgeloop! En daarom word die feit verswyg dat J. J. Venter hom in die Vrystaat reeds voor die koms van ds. Postma afgeskei het, en word dit voorgestel dat Venter maar net een van die ,,beswaardes" was. Ds. Van der Hoff sou in 1852 in Suid-Afrika gekom het met die heimelike plan agter in sy kop om die ou Transvalers te kom oorhaal om die inlywing onder die Kaapse Sinode te verwerp; en ds. Postma sou in 1858 in Suid-Afrika gekom het met die heimelike plan agter in sy kop om 'n ,,nuwe Kerk" te kom stig en 'n ,,kerklike verdeeldheid" onder die Afrikaners te kom bring. As hierdie bewerings van dr. Scholtz waar was, dan moes én ds. Van der Hoff én ds. Postma twee baie oneerlike en Jesuïetiese persone gewees het. Maar dit is nie waar nie, dit is slegs fantasieë. Dr. Scholtz kan blykbaar nie verstaan nie dat ds. Postma sy reeds genoemde brief aan die kerkraad van Pietermartizburg as afgevaardigde of deputaat van die Gereformeerde Kerk van Nederland geskryf het, en dat die woorde ,,niet in dezelfde kerkelijke gemeenschap" betrekking het op die Kerk wat ds. Postma as afgevaardigde verteenwoordig het, nl. die Gereformeerde Kerk

van Nederland. Maar as ds. Postma nou werklik met die heimelike plan agter in sy kop rondgeloop het om 'n ,,nuwe Kerk" te kom stig, sou hy dan so dom gewees het om dit aan die kerkraad van Pietermaritzburg tydens sy verblyf aldaar van 4 September tot 16 Oktober 1858 skriftelik te gaan meedeel? En sou daardie kerkraad so dom gewees het om dit nie te verstaan nie? Want op 18 Junie 1860 skryf ds. P. Huet wat begin 1860 predikant op Pietermaritzburg geword het, openlik in die Kaapstadse tydskryf ,,Elpis": ,,Ik geloof dat ds. Postma gelyk heeft met te zeggen dat *de Afscheiding hier te lande, reeds voor zijne komst, feitelijk bestond.*" En verder: ,,wanneer op de Mooirivierse Kerkvergadering in April '59, tegen Ds. Postma (in den beginne blijkbaar ongezind om eene afscheiding te bewerken), meer geestelijke en minder kerkelijke yver ware aan den dag gelegd, een afscheiding welligt ware voorkomen." Nou moet ons weet dat ds. Postma op die vergadering van April 1859 nie teen die optrede van ds. Van der Hoff beswaar gehad het nie, maar wel teen die optrede van die drie Ned. Gereformeerde predikante, dr. S. Hofmeyr, ds. A. A. Louw en ds. P. A. C. van Heyningen, sien sy ,,Geprovoceerde Herinneringen en Terechtwyzing" bls. 7-9 en 13-14. Ds. Huet was met ds. Postma bekend, en as predikant van Pietermaritzburg sou hy daar wel gehoor het as laasgenoemde toe hy daar vertoef het, laat uitkom het dat hy van plan was om 'n ,,nuwe Kerk te stig", en dan sou hy nie in ,,Elpis" in die gees geskryf het soos hy dit in sy artikel van 18 Junie 1860 gedoen het nie.

As staaltjie hoe dr. Scholtz sy bronne hanteer, kan o.a. ook die volgende dien: Op bls. 150 sê hy dat ds. Postma op 11 Oktober 1858 ,,in Ladysmith deur mense uit die Transvaal ontmoet" is, en dan verwys hy na bls. 60 van die ,,Geschiedenis van de stichting en ontwikkeling der Gereformeerde Kerk in Zuid Afrika" wat in 1905 van die hand van ds. D. Postma jr. verskyn het. Maar op bls. 60 van hierdie boek kom hieroor geen woord voor nie. Wel lees ons op bls. 92 in 'n brief van ds. Postma wat hy as afgevaardigde aan die Sinodale Kommissie van sy Kerk in Nederland geskryf het, dat hy op 10 Oktober 1858 vir die laaste keer in Pietermaritzburg gepreek het, en dan vervolg hy: ,,Hoewel ik nog geen berigt uit de Republiek had ontvangen had ik wel eene geschikte gelegenheid, om tot Harry Smith (Vrystaat) te reizen, daarom maakte ik mij daarvoor gereed. Dan, zie de goede hand Gods! in den namiddag komen twee broeders van Rustenburg bij mij, die met twee wagens zijn afgekomen, om mij op te halen.[1] Deze zaak is wonderlijk! Het zijn menschen van degenen die al-

[1]Stel u voor, leser, ds. Postma skryf dat hy op Sondag 10 Oktober in die more en in die aand nog in Pietermaritzburg gepreek het. Terwyl hy planne maak om oor Harrysmith na Transvaal te reis, ontmoet die Rustenburgse afgevaardigdes hom op Maandag 11 Oktober in Pietermaritzburg. Dr. Scholtz laat hierdie ontmoeting op Maandag 11 Oktober op Ladysmith plaas vind. As hierdie berekening van dr. Scholtz korrek was, dan het ds. Postma die reis van Pietermaritzburg na Ladysmith, 'n afstand van ruim 110 myl waaroor die ossewa in daardie dae 'n week geneem het, in etlike ure gemaak van Maandagmore tot Maandagmiddag! Vgl. ds. D. Postma jr.: ,,De Geschedenis van de stiehling en ontwikkeling der Geref. Kerk in Z.A." (1905) bls. 89–92. Ook weer 'n voorbeeld *hoe* dr. Scholtz sy bonnemateriaal lees.

toos het sterkst er op uit waren om een regt Gereformeerd leeraar te zoeken, (Zij noemen dat hier: Nederduitsch Hervormd, volgens, of overeenkomstig Dordrecht 1618 en 1619)". Maar van hierdie persone wat deur die kerkraad van Rustenburg onder voorsitterskap van ds. Van der Hoff afgevaardig is om ds. Postma op Pietermaritzburg of Durban te gaan afhaal, sê dr. Scholtz geen woord nie. Die hele beskrywing van die ontstaan van die Gereformeerde Kerk is gebrekkig, omdat die vernaamste historiese bronne nie gebruik word nie, soos o.a. die reeds genoemde „Geprovoceerde Herinneringen" van ds. Postma. In verband met die bewering van dr. Scholtz as sou ds. Postma reeds vóór sy koms in die land stilletjies van plan gewees het om 'n „nuwe Kerk" te kom stig, verwys ons na die pas verskene boek van dr. B. R. Krüger: „Die Ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika" bls. 192. Dr. Scholtz sal goed doen om hierdie hele boek goed te bestudeer.

Van 'n geskiedskrywer word minstens verwag dat hy die historiese feite-materiaal korrek sal weer gee. By die waardering van hierdie feite-materiaal spreek die subjektiewe element waarvan niemand hom volkome kan losmaak nie. In hierdie boek van dr. Scholtz is, wat die feite-materiaal aanbetref, so 'n legio van foutiewe weergawes, dat dit ondoenlik is om op alles die aandag te vestig, laat staan om op al die verkeerde gevolgtrekkings te wys wat hieruit noodwendig voortvloei. Dit is ondoenlik om alles reg te stel, en ons sal verder dan ook maar net op 'n paar dinge die aandag vestig.

Daar is die sogenaamde „Weyer-saak" wat op 'n „Christelijke Conferentie" wat op 17 en 18 Oktober 1861 onder leiding van ds. P. Huet op Ladysmith, Natal, gehou is, tersprake gekom het. Die verslag van die verrigtings van hierdie konferensie is deur ds. P. Huet opgestel en in druk uitgegee. Van ds. Huet moet hier herinner word dat hy, tydens sy verblyf in Suid-Afrika, een van die ergste vyande van die twee Boere-republieke in die algemeen en van Transvaal in die besonder was. In Suid-Afrika het vanaf die dae van dr. J. T. van der Kemp en dr. J. Philip tot vandag toe onafgebroke 'n rigting bestaan wat voorgegee het dat die Naturelle deur die Blankes op wrede wyse onderdruk word. Veral het sendelinge van die Londense Sendinggenootskap hier hard aan meegedoen. Ds. P. Huet het ook tot hierdie rigting behoort, en in verskillende geskrifte het hy sy afkeer teen die Republieke te kenne gegee, en dit soms met 'n venynige spot gepaard laat gaan. Die eerste keer wat hy dit gedoen het was in 1857 toe hy, terwyl hy op pad na Transvaal was om die mense hier teen ds. Van der Hoff te kom organiseer, die Franse sendingstasies in Basoetoland besoek het, en daarna 'n reisjoernaal gepubliseer het waarin hy so beledigend was en soveel aanstoot gegee het dat baie ou Vrystaaters so verontwaardig was dat hulle, soos ds. H. F. Schoon meegedeel het, dit gewoonweg in die vuur

gegooi het.[1] Drie jaar later, in 1860 het hy 'n taamlik lywige brosjure ,,Eéne Kudde en Eén Herder" gepubliseer, waarin hy algehele gelykstelling tussen Blank en nie-Blank bepleit het, terwyl hy daarin 'n skromelike onkunde met Suid-Afrikaanse toestande verraai het.[2] In 1869 het hy die kroon op sy dwase bewerings geplaas met die uitgawe van 'n boekie ,,Het Lot der Zwarten in Transvaal" waarin hy o.a. beweer het dat daar slawehandel in Transvaal gedryf word en dit weer oor die wrede onderdrukking van die Naturelle gehad het, en waarin hy die wens uitgespreek het dat Engeland daar 'n einde aan wil maak deur gewoonweg die onafhanklikheid van Transvaal en Vrystaat te vernietig en self die gesag in hande wil neem. In die brosjure van ds. Huet, nl. sy ,,Verslag" van die handelinge van die christelike konferensie word ook allerlei fraais oor Transvaal kwytgeraak. En nou is hierdie brosjure vir dr. Scholtz 'n bron van informasie oor godsdienstige toestande in Transvaal. Ja, dit is tog eienaardig dat 'n brosjure uit die skool Van der Kemp — dr. Philip — ds. Huet — ,,Father" Huddleston vir dr. Scholtz so veel betekenis het as hy dit kan gebruik om ds. Van der Hoff en die Transvaalse owerheid met modder te gooi. Oor hierdie ,,Weyer-saak" wat deur dr. Scholtz as ,,die ergste voorbeeld van godsdienstige onverdraagsaamheid van die kant van die owerheid" genoem word, en waarvoor, soos reeds gesê, sy bron van kennis aanhalings van 'n derde persoon uit die brosjure van ds. Huet is, die volgende: Die Regering van Transvaal het reeds in die vroeë dae las gehad van sekere sendelinge wat nie alleen ,,naby die grense van die Republiek" soos ds. Scholtz beweer, maar tot binne in die Republiek self die naturelle opgehits het en vuurwapens aan hulle verkoop het. En toe die fungerende staatspresident J. H. Grobler in September 1860 in sy toespraak met die opening van die Volksraad melding gemaak het van die aansoek van twee Duitse sendelinge om assodanig toegelaat te word, is 'n kommissie benoem om op die saak in te gaan en daaroor te rapporteer. Die resultaat was dat die aansoek goedgekeur is, maar dat ook tegelykertyd 'n wet aangeneem is met die veelseggende titel van ,,Maatregelen en voorzorg tegen bedrog en misleiding bij de uitbreiding van het Evangelie onder de Heidenen". Die bedoeling van hierdie wet was om dit moontlik te maak dat die regering die nodige beheer kon uitoefen. So het hierdie wet bepaal dat iedere sendeling wat hom onder die naturelle wou vestig, eers by die owerheid aan-

---

[1]In 1876 het ds. Huet in ,,*De Fakkel*", die offisiële orgaan van die Ned. Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat, sy ,,leedwezen" oor hierdie reisjournaal betuig en verklaar dat hy met sy ,,scherpe uitdrukkingen" en deur die ,,verbittering" wat daardeur ontstaan het, ,,aan de zaak des Heeren geen goed maar veeleer schade" gedoen het, en het hy die hoop uitgespreek dat hy nou wel hiervoor ,,door iedereen zal zijn vergeven, gelijk ook de Heere ons alles vergeven heeft." Ds. Huet het meermale, as hy oortuig was van 'n dwaling, dit in die openbaar uitgespreek.

[2]Reeds in 1859 het die Transvaalse Uitvoerende Raad hom teen 'n beroep van ds. Huet uitgespreek ,,omdat de Raad grondige bewijzen heeft dat de Eerw. Heer Huet een rusteloos persoon is en verwarring in het land zal verwekken."

soek moes doen om assodanig toegelaat te word, en moes die regering hom oortuig dat die betrokke sendelinge aan artikel 21 van die Grondwet beantwoord, d.w.s. dat hulle protestants was en nie Rooms nie.[1] En nou het dit gebeur dat daar in Potchefstroom 'n sekere Frederik Weyer, 'n smid van sy vak, sendingswerk onder die naturelle wou doen, maar hy het egter geweier om hom aan die bepalings van hierdie genoemde wet te onderwerp. Dit het moeilikhede tussen hom en die landdros veroorsaak. Toe in later jare, 1871, ds. J. P. Jooste hierdie voorval weer ter sprake gebring het en dit teen ds. Van der Hoff wou uitspeel, het laasgenoemde in sy reeds vermelde „Open Brief" as volg daarop geantwoord: „De dagen *van Frederik Weyer*. Met het in herinnering brengen van die dagen hebt gij ten doel om mij aan de kaak te stellen als iemand die tegen vrijheid van godsdienst in het algemeen en in 't bijzonder tegen de verkondiging van het evangelie aan de kleurlingen is geweest. Ik weet dat men mij in der tijd den blaam heeft opgelegd dat ik Weyer belet heb om voor de kleurlingen godsdienst te houden, doch dat is leugentaal. Ik verlangde slechts van hem, om even als zulks in de Kaap Kolonie de gewoonte was, dat hij voor den kerkeraad een examen zou afleggen, doch dat wilde hij niet doen en zette zijn werk naar eigen goeddunken voort. Daarop heeft de Landdrost alhier, geheel tegen mijn zin in, hem dat oefening houden belet. Ziedaar alles. En hierbij verzeker ik u, dat ik een warme voorstander ben van vrijheid van godsdienst, meer welligt dan gij en uwe geestverwanten."

In die Tomlinson-verslag word op bls. 169 aanbeveel dat die Staat 'n „lisensiëring van alle persone wat onder die Bantoe kerklike werk wil doen", moet instel, om die nodige beheer te kan uitoefen. Dit is presies dieselfde as wat die ou Transvaalse Volksraad met die genoemde wet van 1860 beoog het en gedoen het. As hierdie Tomlinsonaanbeveling wet sou word, dan sal iedere sendeling wat weier om hom hieraan te onderwerp, ook in die moeilikheid kom, net soos dit met Frederik Weyer in 1861 die geval was. Sou dr. Scholtz soiets dan ook „die etgste voorbeeld van godsdienstige onverdraagsaamheid van die kant van die owerheid" noem?

En dan vertel dr. Scholtz op grond van die brosjure van ds. Huet dat daar in die konferensie 'n brief ter tafel was van twee persone wat namens 150 anderes gekla het. Maar omdat hy die brosjure self nie onder die oë gehad het nie, weet hy ook nie dat ds. Huet 'n maand later in 'n rondskrywe oor hierdie brief die volgende gesê het: „Een verzoek van 150 personen, waarvan slechts twee hunnen naam geteekend hebben, en van welke het nog geen uitgemaakte zaak is, of zij tot het doen van zoodanig

[1]Hierdie artikel van die Grondwet het gelui: „Het volk verkiest in zijn midden geen Roomsche Kerken toe te laten, en ook geen andere Protestantsche dan de zoodanige waarin dezelfde hoofdsom van christelijke geloof geleerd wordt als opgegeven in den Heidelbergschen Catechismus."

verzoek zijn gedreven door werkelijke gemoedsbezwaren (waartoe zeker genoeg grond gegeven schijnt), dan wel door eenen geest van partyzucht, m.a.w., of het een vrome dan wel een tegenovergestelde zin zij, die dien brief heeft ingegeven." En omdat hy die brosjure self nie onder oë gehad het nie, weet dr. Scholtz ook nie dat daarin ook nog 'n ander brief voorkom waarin vermeld word dat die dinge waaroor gekla is, alles weer in orde is ,,en de liefde is terug gekeerd."

Dr. Scholtz het blykbaar geen moeite geneem om hom te probeer indink in die toestande van vroeëre jare in Transvaal. Uit die baie voorbeelde hiervoor noem ons net een. Op bls. 177 maak hy melding van die besluit van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Hervormde Kerk van 4 Augustus 1862 dat 'n wetsartikel van die volgende inhoud wenslik sou wees: ,,Geen zendeling zal op het dorp mogen kerk houden gedurende de godsdienstoefening in de Neder-duitsch Hervormde Kerk." Hy noem dit 'n ,,ietwat sonderlinge besluit" en sê dat die Kommissie hom daarmee ,,feitlik vereenselwig het met die vonnis" wat teen Frederik Weyer uitgespreek was. Maar dit was glad nie 'n ,,ietwat sonderlinge besluit" nie. Dit is dr. Scholtz se interprtasie daarvan wat baie, ja *baie* sonderling is. Hierdie besluit het hoegenaamd geen verband gehad met die Weyer-saak nie. As dr. Scholtz hom probeer inleef het in die toestande van vyf-en-negentig jaar gelede sou hy begryp het dat dit 'n doodgewone besluit was wat vir daardie dae heeltemal reg en goed was. Die paar dorpies wat daar destyds was, het behalwe die kerk maar net uit 'n paar huisies en twee of drie winkeltjies bestaan, oop en ruim van mekaar geleë. Op die dorpies self is daar maar selde kerkgehou, want die drie Hervormde predikante was meestal met die ossewa op pad om in die afgeleë streke kerk te hou en in die vakante gemeentes die sakramente te bedien. Die enkele Sondag wat daar 'n predikant op die dorp was, was daar gewoonlik baie mense aanwesig, en met nagmaalstye was daar baie mense wat op die kerkplein en op die oop veld rondom die kerkplein hulle tente opgeslaan het. So was daar met die inwyding van die eerste kerk op Pretoria in 1857 oor die twee honderd waens, behalwe 'n menigte mense te perd. Met die bevestiging van ds. Smits te Rustenburg in 1861 was daar meer as 160 waens en ook weer baie mense te perd. Met nagmaalstye was daar Saterdagmiddag, Sondagmore, Sondagmiddag en Maandagmore dienste. Naby die dorp het dikwels baie naturelle gewoon en met kerktye was daar ook baie naturelle wat saam met die waens gekom het. Waar daar baie naturelle aanwesig was, was daar gewoonlik ook baie lawaai, want die primitiewe naturel is lawaaierig van aard, en 'n godsdiensoefening van hierdie primitiewelinge kon soms baie luidrugtig wees. Wat was daar nou verkeerd mee om te bepaal dat so 'n naturellediens nie gelyktydig met die diens van die Blankes gehou sou word nie? Dit het baie steuring en on-

stigtelikheid veroorsaak en was hinderlik, en dit is daarom dat die Kommissie so 'n wetsbepaling aan die hand gedoen het.

Maar as dr. Scholtz maar iets kan kry om die Hervormde Kerk en ds. Van der Hoff mee te gooi, dan maak hy daar op die mees onkritiese wyse gretiglik van gebruik, en selfs ou skinderpraatjies word sonder meer vir waarheid aangeneem en oorvertel. Wat hy van ds. Van der Hoff se lewenswandel sê is onwaar, en kan met ondertekende verklarings wat daar vroeër oor gemaak is, weerlê word, maar ons het werklikwaar nie lus om daar verder op in te gaan nie, dit is onwaar en bly onwaar.

Dieselfde geld van die van die bewering van die liberalisme van die Hervormde Kerk en van die Hervormde predikante. Besef dr. Scholtz wel die draagwydte van hierdie beskuldiging? Weet hy wat die oorsprong daarvan is? In 1837 het die Kaapse Sinode teen die Groot Trek in 'n Herderlike Brief gewaarsku en die Voortrekkers ,,Nomaden" genoem wat hulle ,,altaren" verlaat het en ,,zonder eenen Mozes en Aaron de woestijn introkken", en die Sinode het die mense herinner aan die belofte wat met die doop en met die aflegging van belydenis gedoen is waardeur die Sinode sy goedkeuring nie aan die Trek kan heg nie. Dit is duidelik, volgens hierdie Herderlike Brief was die opvatting dat die Trekkers na die heidendom sou verval. Maar, as daar dan so 'n vrees voor bestaan het, waarom is dan juis alle geestelike hulp wat so menigmaal deur die Voortrekkers gevra is, geweier? En toe Transvaal eindelik uit Holland 'n predikant gekry het, het die Kaapse Sinodale Kommissie dit nodig geag om in 1855 'n openbare skrywe aan die Transvaalse gemeentes te rig en hulle op indirekte wyse teen hulle predikant te waarsku, en hulle toe te roep om te waak dat vroeër of later nie ,,een ander Evangelie" onder hulle sal verkondig word nie. Hierdie soort verdagmaking is die oorsprong van die storie van die liberalisme wat dr. Scholtz nou ook weer navertel. Ook ds .Van Warmelo word vir 'n liberaal uitgemaak, en van al die weerleggings wat hyself hierteen gemaak het, word deur dr. Scholtz hoegenaamd geen notisie geneem nie. Hy moet maar die biografie lees wat dr. A. D. Pont oor Van Warmelo uitgegee het, en dan sal hy die werklikheid miskien raaksien.

Waar dr. Scholtz die optrede van ds. F. Lion Cachet probeer beskryf, is 'n geskrif van Cachet sy bron. Ds. Frans Lion Cachet! Ja, as daar een persoon uit die kerklike verlede van Suid-Afrika is op wie daar baie, ja baie aan te merke is, dan is dit hierdie man. Maar geen woord hieroor by dr. Scholtz nie! Ons gaan nie verder daarop in nie, maar volstaan met te verwys na 'n artikel wat ons oor hom in die ,,Hervormde Teologiese Studies" van Augustus 1953 bls. 181-230 geskryf het.

Op bls. 172 van sy boek beweer dr. Scholtz dat die jare 1860-1864 vir die Republiek 'n laagtepunt op godsdienstig gebied was en praat hy

van 'n „geestelike verval." Gelukkig is die teenoorgestelde waar. Ds. Van der Hoff moes tot 1860 alleen staan vir die bearbeiding van die hele Republiek. Al die streke soos Potchefstroom, Marico, Rustenburg, Pretoria, Waterberg, Soutpansberg, Wakkerstroom en andere moes hy met die ossewa deurkruis, en oral het hy gepreek en die sakramente bedien. Die oorgroot meerderheid van die ou bevolking wat die land skoongemaak het en dit bewoonbaar gemaak het, het trou by hom gestaan en hom ondersteun, nieteenstaande verskeie pogings wat van buitekant Transvaal gemaak is om die mense van hom afvallig te maak en die kerklike eenheid en die geestelike groei te verbreek. Sy werk was so uitgebreid dat dit vir hom 'n byna bomenslike taak was. Hy kon dit hom nie eers permiteer om siek te word nie. Een keer het op 'n ampsreis die ossewa omgeval en het hy sy been gebreek, en moes hy geruime tyd op 'n plaas verpleeg word, en terwyl hy in die bed gelê het, het hy tog katkisasies gehou en ook godsdiensoefeninge en het hy kinders gedoop. Dit het my altyd opgeval hoe die ou Voortrekkers wat saam met hom gewerk het en hom baie goed geken het, en onder hierdie ou mense noem ek met name my grootvader (1821-1904) en my vader (1843-1901) steeds met eerbied waardering en hoogagting oor hom gepraat het. In die gemeentes waar ds. Van der Hoff gewerk het, het sy gemeentes altyd die grootstes en die sterkstes gebly. Vanaf Januarie 1861 het daar meerdere hulp in Transvaal gekom. Ds. Begemann het as predikant in Pretoria gekom, ds. Smits in Rustenburg, ds. Van Warmelo in Soutpansberg, terwyl die kerklike skeuring van Lydenburg in 1854 geheel is toe ds. Van Heyningen wat van 1860 die Hervormde Kerkvergaderings bygewoon het, met die gemeente na die Hervormde Kerk terug gekeer het. Die Hervormde Kerk het in Transvaal dus vyf predikante gehad, en 'n gereëlde en intensiewer bearbeiding van die gemeentes was dus weer moontlik. In hierdie tyd is ook nuwe gemeentes gestig, soos Wakkerstroom, Klerksdorp, Heidelberg en Waterberg. Die kerkwet, soos goedgekeur deur die Volksraad, kon in 1862 vir die eerste keer gedruk word. Van die groei getuig ook die Herderlike Brief wat ds. Van der Hoff, ds. Begemann en ouderling P. J. Geldenhuis in 1863 namens die Algemene Kerkvergadering aan die lede van die Kerk gerig het. Dit was 'n diep ernstige geestelike vermaning 'n opbouende woord, wat sy invloed gehad het. Oor die burgeronluste waar dr. Scholtz heeltemal ten onregte ook weer ds. Van der Hoff aan wil verbind, word in hierdie Herderlike Brief die volgende gesê: „Eindelik doen wij u gedenken aan den veelzins droevigen toestand van oneenigheid en onvrêde in het land uwer inwoning; zullen wij een oordeel uitspreken, wie onregt gedaan of geleden heeft? Dit behoort niet tot onze bevoegdheid. Maar wij vermanen u allen geen kwaad met kwaad te vergelden en dus onderling vergevensgezind te zijn. Dat niemand uwer zich verheffe tegen zijn broeder, gedachtig aan het woord der Schrift: God wederstaat de hoovaardigen, maar de

nederigen geeft Hij genade." In hierdie tyd is ook bepaal dat minstens een keer per maand in volgorde oor 'n sondagsafdeling van die Heidelbergse Kategismus gepreek moet word. Nie alleen is, soos reeds vermeld, die breuk met Lydenburg in 1864 geheel nie, maar ook het die ontevrede groepie van Hartebeestfontein weer na die Hervormde Kerk teruggekeer en is dit as 'n selfstandige gemeente gevorm. Daar was dus groei en eenheid, totdat ds. Frans Lion Cachet in 1866 op die toneel verskyn het en met ruwe hand die rus verstoor het, die eenheid verbreek het en 'n nuwe skeuring totstand gebring het. En, merkwaardig, in die groot middelpunte van die Hervormde Kerk soos Potchefstroom, Rustenburg, Zeerust, Heidelberg, Pretoria en Soutpansberg het hy nooit geslaag om gemeentes van enige betekenis op te rig nie. So het in 1884 die Hervormde gemeente Potchefstroom 1690 lidmate getel teenoor 440 van die Ned. Gereformeerde, Heidelberg 1600 teenoor 113 van die Ned. Gereformeerde, Pretoria 1400 teenoor 100 van die Ned. Gereformeerde, terwyl in Rustenburg wat sy 1328 Hervormde lidmate geen Ned. Geref. gemeente was nie.

Op bls. 219 wil dr. Scholtz in verband met die kerkwet van ds. Cachet as 'n kenner van die Gereformeerde kerkreg optree. Hy sê: „'n kenner van die Gereformeerde kerkreg sal vandag nogal die een en ander oor hierdie wet van ds. Cachet aan te merk hê. Waarskynlik die vernaamste opvallende afwyking van die Gereformeerde kerkreg was die feit dat die gemeente nie as uitgangspunt van die kerklike organisasie aanvaar is nie, maar wel die Sinode. Daarom moet die wet van 'n Gereformeerde kerk begin met die bepaling van die posisie van die gemeente. Ter verskoning van ds. Cachet mag aangevoer word dat daar indertyd nog maar slegs 'n begin gemaak was met die toepassing van die Gereformeerde kerkreg in Suid-Afrika. Ds. Cachet het sy kerkwet gegrond op dié van die Kaapse Nederduitse Gereformeerde Kerk. Laasgenoemde het op sy beurt ten opsigte van sy wet nog steeds in die teken gestaan van die kerkorde wat in Nederland in swang was. Met verloop van tyd sou die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika egter in alle opsigte die beginsels van die Gereformeerde kerkreg aanvaar." Maar, sou mens kan vra, hoe kom dr. Scholtz tog aan hierdie soort bewerings? Tot sy verskoning sou mens miskien kan aanvoer dat hy geen teoloog is nie, en geen studie van kerkreg gemaak het nie. Lê vandag die kerklike wette van die Kaapse Ned. Gereformeerde Kerk van 1862 en van vandag, die Vrystaatse van 1864 en van vandag, die kerkwet van ds. Cachet van 1866 en die van die Ned. Hervormde of Gereformeerde Kerk van 1885 en van vandag naas mekaar, en dan sal mens sien dat daarin nog steeds dieselfde kerkregtelike sisteem in swang is, en dat van so iets as 'n outonomie van die plaaslike gemeente daarin glad nie sprake is nie. *Nooit* was die sinode „uitgangspunt van kerklike organisasie" nie, net somin as wat die gemeente „uitgangspunt van die kerklike organisasie "is, maar wel die Kerk. In Suid-Afrika is tot

nou toe nòg in die Ned. Gereformeerde Kerke nóg in die Ned. Hervormde Kerke ooit 'n teenstelling aanvaar tussen gemeente en sinode, of tussen Kerk en gemeente. Die Kerk kom in sy amptelike vergaderings saam, kerkraad, ring of sinode. Dr. Scholtz moet hieroor nog maar nadink. Die Ned. Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het nog steeds dieselfde kerkregtelike beginsels gehandhaaf, kerkregtelike beginsels wat die Ned. Hervormde Kerk ook huldig.

As dr. Scholtz iets kan kry om ds. Van der Hoff mee swart te smeer, dan gryp hy dit ewe onkrities aan. As voorbeeld noem ons hier sy bewering op bls. 268, 'n bewering wat vir sigself spreek, sigself kwalifiseer en hier geen nadere kwalifikasies nodig het nie: nadat hy die Engelsgesindheid van ds. Jooste en sy verwelkoming van die anneksasie van Transvaal in 1877 verhaal het, sê hy: „Die kollega van ds. Jooste in Potchefstrom, ds. Van der Hoff, het hom die anneksasie ook laat welgeval." Verbeel u leser, om in hierdie verband die name van ds. Jooste en ds. Van der Hoff in een asem te noem! Dit is 'n bewering wat dr. Scholtz voor God nog mens kan verantwoord! Hy verswyg geheel en al hoedat ds. Van der Hoff reeds in Desember 1876 teen die dreigende anneksasie wat sy skaduwees vooruit gewerp het, met krag gewaarsku het. Hy verswyg hoe ds. ds. Van der Hoff in 1880 met die inname van Potchefstroom deur die Boere onder lewensgevaar tydens die geveg na die Hervormde kerkgebou gehardloop het om dit oop te sluit sodat die Boere daarin posisie kon neem. Hy verswyg hoe ds. Van der Hoff na die herstel van die Republiek in 1881 lofsange gedig het om God te dank vir hierdie gebeurtenis. Hy verswyg hoe ds. Van der Hoff vanaf die dag dat hy sy voet op Transvaalse grond gesit het, tot aan sy dood toe trou by die ou Transvalers gestaan het om hulle geestelike en standkundige vryheidsideaal te help handhaaf. Maar op watter grond durf dr. Scholtz dan hierdie skewe bewering te maak? Wel leser, hy maak dit op grond van die volgende: Toe ds. Van der Hoff in Mei 1878 sy vyf-en-twintige jarige ampsfees as evangeliedienaar gevier het, het sir Theophilus Shepstone hom daarmee gelukgewens en hom deur bemiddeling van ds. Van Warmelo 'n goue ring as herinnering daaraan gestuur. En ds. Van der Hoff het die goue ring aangeneem en Shepstone daarvoor bedank. Maar, sou mens kon vra, hoe kon dr. Scholtz dan op grond hiervan sy wilde bewering maak dat ds. Van der Hoff net soos ds. Jooste hom „die anneksasie ook laat welgeval" het? Die antwoord hierop is miskien omdat hy versuim het om hom behoorlik rekenskap te gee van die politieke situasie wat daar geheers het. As hy dit wel gedoen het, sou hierdie sin miskien in sy pen gebly het. Laat ons die situasie kortliks nagaan. Toe Shepstone sy voornemens te kenne gegee het om die land te annekseer, het die Uitvoerende Raad besluit om hierteen te protesteer en 'n paar afgevaardigdes as deputasie na Europa te stuur om die saak persoonlik namens die Republiek voor die Britse Regering in Londen te

lê en as dit nie sou help nie, die bemiddeling van ander moondhede in te roep. President Burgers het toe namens die Regering teen die anneksasie geprotesteer. Die Regering het tegelyk ,,alle ambtenaren, burgers en ingezetenen gelast om zich te onthouden van eenig woord of eenige daad van geweld, waardoor de zending vruchteloos zou kunnen gemaakt worden". Shepstone het kort na hierdie anneksasie iemand na ds. Van Warmelo, die Skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Ned. Hervormde Kerk met die proklamasie van anneksasie gestuur om hom te vra of die Hervormde Kerk die nuwe Regering sou erken. Sy antwoord was dat die Kerk onder die protes, wat president Burgers teen die anneksasie uitgevaardig het, sou handel, en die nuwe Regering sou erken, al was dit onder daardie protes. Ds. Van Warmelo het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dadelik saamgeroep. Die Kommissie was gedagtig aan die laaste opdrag van die Republikeinse Regering dat alle ingesetenes van die land hulle moes onthou ,,van eenig woord of eenige daad van geweld" waardeur die werk van die deputasie na Engeland skade gedoen kon word, en het heel takvol besluit om ,,hare ingenomenheid met het voornemen der Niewe Regering, om de bestaande wetten op de kerkgenootschappen te blijven handhaven" te betuig. Oor die anneksasie self geen woord nie! Toe die Algemene Kerkvergadering in November 1879 saam gekom het, het ds. Van der Hoff op die moeilikheid gewys, naamlik die erkenning van die Goewerment aan die een kant, ,,en de pogingen van het volk om zijne onafhankelijkheid terug te erlangen aan de andere zijde", en daarom het hy ,,tot bedachtzaamheid" gemaan. Die vergadering het dan ook 'n voorstel van ds. Van Warmelo aangeneem om ,,de discussiën omtrent politieke toestanden te vermijden, en met de werkzaamheden voort te gaan, onder het protest van 12 April 1877". Toe ds. Van der Hoff in Mei 1878 sy ampsfees gevier het, was die tweede deputasie, S. J. P. Kruger en P. J. Joubert, juis in Engeland om die anneksasie ongedaan te probeer maak. En nou wens Shepstone ds. Van der Hoff ook geluk en stuur hom 'n goue ring as geskenk. Wat was verkeerd om dit aan te neem? Sou dr. Scholtz meen dat ds. Van der Hoff dit moes terug gestuur het, en daarmee bygedra het om die geprikkelde gemoedere so opstandig te help maak dat die uitbarsting miskien kon kom voordat die gewenste oomblik daar was, en daarmee net die werk van Kruger en Joubert kon misluk? Kruger self het die voorbeeld gegee om nie oorhaastig op te tree nie, en het selfs in die eerste maande van die Shepstone-Regering salaris uit die landskas ontvang, waardeur hy tog glad nie ,,hom die anneksasie ook laat welgeval" het nie.[1] Trouens, daar moes in die hele anneksasietydperk met takt opgetree word sodat daar nie miskien 'n ontydige uitbarsting sou kom wanneer die gewenste oomblik nog nie daar was nie

[1]Sien my artikel ,,*Was Kruger 'n Amptenaar van Shepstone?*" in *Die Nuwe Brandwag*, 1932 bls. 140-146.

en die voormanne nog nie gereed was nie. Soeits kon die groot saak waar dit om gegaan het, alleen maar skade doen. Op die Volksvergadering te Kleinfontein moes selfs ,,met kracht" opgetree word om te verhoed dat daar so 'n ontydige uitbarsting sou plaasvind. ,,Groot" Adriaan de la Rey verhaal in herinneringe van hom hoe hy in 1880, toe die gemoedere al baie gespanne was, die Britse owerheid nie langer wou erken en geweier het om langer belasting te betaal, en hoe niemand minder dan Paul Kruger, die latere Staatspresident, na sy huis gegaan het om hom te beweeg om hom nie te verset nie, en selfs aangebied het dat hy vir hom die belasting sou betaal. Moet mens nou op grond hiervan sê dat Paul Kruger ,,het hom ook die anneksasie laat welgeval?" Dit sou dwaasheid wees, maar net so dwaas is die bewering dat ds. Van der Hoff, en ook ds. Smits, ten gunste van die anneksasie was, omdat hulle deur hulle wyse van optrede gehelp het om te voorkom dat daar nie 'n uitbarsting sou kom terwyl die tyd nog nie daar was nie.

Van die Engelsgesindheid van ds. H. S. Bosman en sy pogings om tydens die anneksasie-periode die bevolking te laat verengels, word alles verswyg, ja op bls. 269 van sy boek wil dr. Scholtz self voorgee dat ds. Bosman met die oorlog van 1880-1881 saam met die boerekommando's was!!! Terwyl hierdie predikant vir die inswering van sir Theophilus Sheptone in 1877 die Hervormde kerkgebou op Pretoria beskikbaar gestel het en selfs die godsdienstige deel van die verrigtings in verband daarmee waar geneem het, en 'n tyd later die Hollandse aanddienste in die Hervormde Kerk met Engelse dienste vervang het, waaraan daar geen behoefte was nie, want daar was verskillende Engelse predikante op Pretoria. Dit alles verswyg dr. Scholtz sorgvuldig. Ook verswyg hy dat ds. Bosman 'n sterk voorstander en verdediger van Engels as medium van onderwys was, dat hy in 1880 onder die Britse bewind ook Direkteur van Onderwys was, en Engels baie sterk na vore gestoot het ten koste van Hollands. Hy verswyg dat ds. Bosman in daardie dae die ontstaan van 'n ,,Anglo Afrikaansche Ras" voorgestaan het, ja dat hy in die oorlog van 1880-1881 openlik aan die Engelse kant gestaan het en amper deur die Boere voor 'n krygsraad tereggestel is. Ten gevolge van sy optrede is daar by die Algemene Kerkvergadering van 1881 selfs 'n beskrywingspunt deur die kerkraad van die Konsulentsgemeente van Pretoria waarvan ds. Smits die voorsitter was, ingedien om te bepaal dat ieder nuwe predikant in die toekoms voor sy bevestiging eers 'n eed van getrouheid aan die Goewerment van die Suid-Afrikaanse Republiek moet aflê, en by die toeligting hiervan het ds. Smits dit bepleit en daarop gewys dat ,,de ondervinding heeft geleerd dat er ontrouwe Predikanten zijn". En, eienaardig, dr. Scholtz ontken in 'n voetnoot op bls. 269 dat die optrede van predikante van die Ned. Gereformeerde Kerk 'n vername faktor was wat die val van die Republiek in 1877 veroorsaak het. Wat dan van die ondergrondse briewe

van ds. Frans Lion Cachet wat reeds in 1869 in die Engelse pers die anneksasie bepleit het? Wat van die briewe van dr. J. J. Kotzé van Richmond in 1875 aan die Kaapse Goewerneur, sir Henry Barkly, wat dit weer na die Minister van Kolonies in Engeland gestuur het? Durf dr. Scholtz dit te ontken? Maar genoeg hieroor. Die boek van dr. Scholtz is so apologeties en so subjektief dat dit sigself veroordeel.

En dan, verbeel u, waar dr. Scholtz oor die sogenaamde kerkvereniging van die jare tagtig skryf, maak hy nie gebruik van die offisiële notule van die Algemene Kerkvergadering nie, maar van die uittreksels daarvan wat dr. G. B. A. Gerdener in 1930 in sy „Boustowwe" gepubliseer het, waardeur 'n groot en belangrike deel van die historiese materiaal wat vir die kerklike geskiedskrywer onontbeerlik is, buite rekening gelaat word.[1]

Hierdie boek van dr. Scholtz is 'n verloëning van die Nederduitsch Hervormde Kerk, die ou historiese Kerk van Transvaal, eenmaal die Staatskerk van die Republiek. In die Hervormde Kerk kan daar volgens hierdie boek geen goeds wees nie, en as dr. Scholtz konsekwent wil wees, moet hy dit veroordeel dat die Ned. Gereformeerde Kerk in 1885 met so'n minderwaardige Kerk wou verenig. Ja, die boek is 'n skerp en bitter aanval op die Hervormde Kerk. Hiermee is dit tegelykertyd 'n baie voortreflike bewys dat die baie ou Hervormde lidmate wat met daardie sogenaamde kerkvereniging nie wou saamgaan nie en dit gewantrou het, die saak volkome reg ingesien het, toe hulle gesê het dat dit geen *vereniging* van twee kerke was nie, maar alleen 'n poging om die Hervormde Kerk te *vernietig*. Iedereen wat hieroor enige twyfel mag koester, word aanbeveel om hierdie boek te lees.

---

[1]In hierdie „*Bouwstowwe*" publiseer dr. Gerdener die notules van die verskillende Algemene Kerkvergaderings vanaf 1853, maar hy laat groot stukke daarvan weg, sonder dat hy iets van die weglating vermeld. So is bv. van die uiters belangrike notule van die twee kommissies wat in 1882 oor die kerkvereniging gehandel het, en wat in die gedrukte uitgawe 62 bladsye beslaan, meer as die helfte weggelaat, sonder dat daar iets van gesê word!

S. P. ENGELBRECHT.

Verkrygbaar by die kantoor van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, Generaal Pretorius Gebou, Paul Krugerstraat, Pretoria,

en by die

H.A.U.M., Bureaukaart 17, Pretoria:
Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (derde druk 1953) deur
Prof. Dr. S. P. Engelbrecht.

Prys £1-0-0.

W.P.—25185—11.2.57